Die regering het in 1993 aansienlike finansiële beheersing uitgeoefen en die reële owerhedsverbruiksbesteding het vir die tweede agtereenvolgende jaar met minder as $\frac{1}{2}$ persent gestyg, vergeleke met 'n jaarlikse gemiddelde van 4 persent in die tagtigerjare. Die skatkistekort voor lenings en skuldaflossings in verhouding tot die bruto binnelandse produk het in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 dienooreenkomsdig 7,3 persent beloop, dit wil sê betreklik na aan die vlak van die tekort wat vir die jaar in die geheel begroot is. Hoewel dit 'n aansienlike verbetering is vergeleke met die voorafgaande jaar, is die huidige vlak van die regeringstekort, indien daarvan volgehou word, duidelik steeds nie oor die lang termyn handhaafbaar nie en sal dit tot 'n skerp toename in die staatskuld aanleiding gee.

Pogings van die Sentrale Regering en die openbare instellings om die toenames in hul lopende besteding binne perke te hou, het tot gevolg gehad dat die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede in 1993 skerp afgeneem het. Die werkverskaffing in die private sektor het ook in die eerste kwartaal van 1993 verminder, maar daar is aanduidings dat afdankings in die tweede helfte van 1993 'n keerpunt kon bereik het. Die skerp verminderings in die werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie sedert die tweede kwartaal van 1989, het toenames in die werkverskaffing in die voorafgaande ses jaar geneutraliseer. Dit beteken dat geen netto bykomstige werkgeleenthede oor die afgelope tien jaar in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou geskep is nie.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie


Nadat die vlak van die reële ekonomiese bedrywigheid vanaf die eerste kwartaal van 1989 tot die vierde kwartaal van 1992 bykans onafgebroke gedaal het, het dit 'n laagtepunt bereik en in die loop van 1993 aansienlik herstel. Die toename teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers in die *reële bruto binnelandse produk* het van $1\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1993 tot $5\frac{1}{2}$ en 8 persent in die volgende twee kwartale versnel en in die vierde kwartaal 'n hoë vlak teen 'n voorlopig geraamde 6 persent bereik. In 1993 in die geheel was die toename in die *reële bruto binnelandse produk* ongeveer 1 persent; dit was die eerste jaar van positiewe groei in die negentigerjare.

Die herstel in die binnelandse produksie gedurende 1993 was in 'n groot mate die gevolg van gunstige weerstoestande wat tot 'n styging van $17\frac{1}{2}$ persent in die *reële landbouproduksie* geleid het. Die mielieproduksie, in die besonder, het verdriedubbel van 3 miljoen ton in 1992 tot ongeveer 9 miljoen ton in 1993. Die koringoes het ook oor dieselfde tydperk aansienlik gestyg, naamlik van 1,3 tot 1,9 miljoen ton. Landbouproduksie het nie


net 'n belangrike regstreekse bydrae tot die ekonomiese herstel gemaak nie, maar ook die binnelandse produksie op 'n onregstreekse manier deur terugwaartse en voorwaartse skakelings laat toeneem.

Indien die landbouproduksie buite rekening gelaat word, het die totale reële produksie van die sektore *buite die landbou* in 1993 met $\frac{1}{2}$ persent toegeneem; in die voorafgaande jaar het die produksie van hierdie sektore met $\frac{1}{2}$ persent afgeneem. Boonop het die produksie in die sektore buite die landbou reeds aan die begin van 1993 begin herstel. Betreklik geringe toenames teen jaarkoerse van $\frac{1}{2}$ persent in die eerste twee kwartale van 1993, is in die laaste twee kwartale van die jaar gevvolg deur heelwat hoër vlakke van $2\frac{1}{2}$ en 2 persent. Die

Komponente van reële bruto binnelandse produk



Reële bruto binnelandse produk



ekonomiese herstel in die tweede helfte van 1993 het bowendien 'n breë grondslag gehad en het in 'n aantal ekonomiese sektore voorgekom. Positiewe groeikoerse is trouens in al die vernaamste ekonomiese sektore in die vierde kwartaal van 1993 aangeteken.

Die reële produksie deur die mynboubedryf, wat in die eerste twee kwartale van 1993 teen 'n gemiddelde jaarkoers van 2% persent toegeneem en in die derde kwartaal met $\frac{1}{2}$ persent gedaal het, het in die vierde kwartaal weer teen 'n jaarkoers van 2% persent gestyg. Die reële produksie van die mynboubedryf het in die kalenderjaar 1993 met 1½ persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van 1 persent in 1992. Slegs die reële produksie van die diamantmynbou het in 1993 afgeneem, te wete met 5½ persent; in 1992 het die diamantproduksie nie minder nie as 17 persent vermeerder. Die oommekeer in 1993 was hoofsaaklik te wyte aan 'n doelbewuste vermindering in produksie deur sommige van die minder kostedoeltreffende en ouer diamantmyne.

Hoewel fabrieksproduksie 'n ietwat wisselvallige patroon gevvolg het, het dit ook in 1993 toegeneem. Die reële produksie van die fabriekswese het in die eerste kwartaal teen 'n jaarkoers van 1½ persent toegeneem, in die tweede kwartaal het dit effens afgeneem en in die derde kwartaal weer met bykans 5 persent uitgebrei; in die vierde kwartaal het dit met minder as $\frac{1}{2}$ persent gestyg. Die toename in die gemiddelde reële toegevoegde waarde van die fabriekswese was in 1993 in die geheel op ongeveer dieselfdevlak as in die voorafgaande jaar. Die verbetering in die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese het 'n toename in die produksie van bykans alle subsektore weerspieël en kan waarskynlik toegeskryf word aan die begin wat met verskeie groot kapitaalprojekte gemaak is, die oplewing van die landbousektor, 'n toename in die verbruikers- en buitelandse vraag na vervaardigde goedere en die opbou van voorrade.

Die kwartaallikse reële produksie van die sektor elektrisiteit, gas en water het deur die loop van 1993 skerp gestyg teen jaarkoerse van tussen 5 en 7 persent. In die kalenderjaar 1993 is 'n betreklik hoë groeikoers van 3½ persent in hierdie sektor aangeteken. In teenstelling met die ander sekondêre sektore, het die reële toegevoegde waarde van die konstruksiebedryf in die tweede helfte van 1993 net effens opwaarts beweeg en was dit vir die volle kalenderjaar steeds onder die vlak van die vorige jaar.

Die groei in die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektor, wat tydens die afwaartse beweging van die ekonomiese bedrywigheid meesal positief gebly het, het in die eerste twee kwartale van 1993 negatief geword; dit het daarmá in die laaste twee kwartale van die jaar skerp gestyg teen 'n gemiddelde koers van 2 persent. Die netto gevvolg van hierdie veranderings was dat die reële toegevoegde waarde van die dienstesektor in 1993 in die geheel met ongeveer $\frac{1}{2}$ persent gestyg het.

Die verstewiging in die binnelandse vraag was waarskynlik hoofsaaklik vir die herstel van die tersiêre sektor verantwoordelik. 'n Toename in die buitelandse handel


en die hantering van die aansienlike landbou-oes het ook bygedra tot die skerp stijging in die toegevoegde waarde van die sektor wat vervoer-, opberg- en kommunikasielidensvoorsien, terwyl 'n bestendige toename in die reële persoonlike beskikbare inkome en die behoeftes om motorvoertuie te vervang ook bevorderlik was vir die betreklik hoë groeikoers in die handelsektor gedurende die tweede helfte van 1993.

Nadat die reële bruto nasionale produk in 1992 met meer as 2 persent afgeneem het, het dit in die loop van 1993 gestyg en vir die jaar in die geheel was dit 1½ persent hoér as in die voorafgaande jaar. Hierdie toename in die reële bruto nasionale produk is deur hoér binnelandse produksievlekke en 'n verbetering van Suid-Afrika se ruilvoet teweeggebring, wat 'n toename in die reële netto faktorbetalings aan nie-inwoners meer as geneutraliseer het. Wanneer die bevolkingsgroei in berekening gebring word, het die reële bruto nasionale produk per capita in 1993 steeds met bykans 1 persent gedaal. Dit is ook 'n verbetering wanneer dit vergelyk word met die dalende groeikoerse van 2 en 4½ persent wat in 1991 en 1992 aangeteken is.

Binnelandse besteding

Die totale reële bruto binnelandse besteding, wat gedurende die resessie van 1989 tot 1993 merkbaar gewissel het, het in die derde kwartaal van 1993 skerp toegeneem teen 'n hersiene jaarkoers van 12½ persent en teen 'n voorlopige geraamde 11½ persent in die vierde kwartaal. Vir die kalenderjaar 1993 het die totale reële bruto binnelandse besteding met $\frac{1}{2}$ persent gestyg; in 1992 het dit nog met ongeveer 1 persent gedaal. Die matige toename in die binnelandse besteding het die toename in die reële verbruiksbesteding tesame met 'n matige opbou van voorrade weerspieël, terwyl die reële bruto binnelandse vaste investering ook in die tweede helfte van 1993 begin styg het.

Reële private verbruiksbesteding



Die reële private verbruiksbesteding het in die eerste kwartaal van 1993 begin toeneem na afnames in sewe agtereenvolgende kwartale. Die toename teen 'n jaarkoers in die reële private verbruiksbesteding het merkbaar gestyg van 1 persent in die eerste kwartaal van 1993 tot meer as $2\frac{1}{2}$ persent in die vierde kwartaal. As gevolg van hierdie toenames, het die private verbruiksbesteding in 1993 in die geheel met ongeveer $\frac{1}{2}$ persent toegeneem. Hierdie hoër verbruik is aangehelp deur:


- 'n toename in die reële inkomte uit die eiendom van huishoudings as gevolg van beter landbutoestande;
- 'n styging in die totale reële persoonlike beskikbare inkomte, wat van 'n jaarkoers van $1\frac{1}{2}$ persent in die eerste twee kwartale van 1993 tot 2 en $2\frac{1}{2}$ persent in die laaste twee kwartale versnel het;
- 'n verlaging in die banke se verbandleningskoers, wat die diskresionêre bestedingskeuses van huishoudings verhoog het;
- 'n toename in verbruikersvertroue wat verband hou met die aansienlike vordering wat in die onderhandelinge vir 'n nuwe politieke bedeling waargeneem kon word; en
- voorlopige aanwysers wat daarop dui dat afdankings in die tweede helfte van 1993 moontlik uitgevlak het.

Soos in die bygaande tabel aangetoon word, het hierdie herstel in die reële private verbruiksbesteding aanvanklik meesal in 'n toename in die besteding aan nie-duursame goedere voorgekom. In die tweede helfte van 1993 het dit egter vinnig na die meeste ander hoofgroepen van verbruikersgoedere en -dienste versprei.

Die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het in 1993 vir die tweede opeenvolgende jaar met minder as $\frac{1}{2}$ persent toegeneem. Hierdie groeikoers kan met groelkoerse van $2\frac{1}{2}$ persent in 1990, 5 persent in 1991 en 'n gemiddelde jaarkoers van 4 persent in die tagtigerjare vergelyk word. Die fiskale dissipline kon in die besteding aan intermediêre goedere en dienste sowel as in die arbeidsvergoeding van werknemers waargeneem word.

Nadat die reële bruto binnelandse vaste investering vir veertien opeenvolgende kwartale tot in die tweede kwartaal van 1993 gedaal het, het dit in die derde

Reële overheidsverbruiksbesteding



kwartaal teen 'n jaarkoers van $1\frac{1}{2}$ persent en in die vierde kwartaal met ongeveer $3\frac{1}{2}$ persent gestyg. Hierdie versnelling in die groei van vaste investering kon hoofsaaklik aan toenames in die reële kapitaalvorming van die private sektor en die openbare owerhede toege-skryf word, wat 'n geringe afname in kapitaalbesteding deur die openbare korporasies meer as geneutraliseer het. Die styging in die reële kapitaalbesteding deur die private sektor word weerspieël deur hoër uitgawes op masjinerie en toerusting wat met verhuringskontrakte deur finansiële instellings gefinansier is, die aanvang van besteding aan groot kapitaalprojekte in die fabriekswese en 'n aanvulling van die kapitaalvoorraad deur die landbougemeenskap.


In 1993 in die geheel het die reële vaste kapitaalvorming steeds met 4 persent afgeneem; dit volg op afnames van $8\frac{1}{2}$ en 10 persent wat in 1991 en 1992 aangeteken is. Hoewel die koers van afname in kapitaalvorming in 1993 aansienlik verlangsaam het, het die totale vaste kapitaalvoorraad vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog byna geen groei getoon nie en het

Reële private verbruiksbesteding volgens hoofgroep

Kwartaallike persentasieverandering teen 'n jaarkoers

	1993				
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar
Duursame goedere	-%	0	$1\frac{1}{2}$	$3\frac{1}{2}$	$-1\frac{1}{2}$
Semi-duursame goedere.....	$\frac{1}{2}$	1	$1\frac{1}{2}$	3	$1\frac{1}{2}$
Nie-duursame goedere	$1\frac{1}{2}$	2	$2\frac{1}{2}$	$2\frac{1}{2}$	0
Dienste	0	0	%	%	1
Totaal.....	1	1	2	$2\frac{1}{2}$	%

Netto vaste investering as persentasie van bruto binnelandse produk



die reële kapitaalvoorraad van sektore soos die landbou, mynbou, elektrisiteit, gas en water, konstruksie en vervoer, opberging en kommunikasie afgeneem.


In ooreenstemming met die hoér binnelandse vraag, is 'n opbou van voorrade in die derde sowel as die vierde kwartaal van 1993 aangeteken. Dit het gevolg op 'n tydperk van 'n bykans ononderbroke afname van totale voorrade sedert die tweede helfte van 1989. Reële investering in voorrade het in die kalenderjaar 1993 met R1,2 miljard gestyg, teenoor aansienlike afnames in die voorafgaande drie jaar. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die nywerheids- en handelsvoorraade egter steeds afwaarts beweeg van 17 persent in die eerste twee kwartale van 1993 tot ongeveer 16% persent in die vierde kwartaal.

Faktorinkome

Die groei in die *totale nominale faktorinkome* teen markpryse het oor 'n tydperk van twaalf maande effens toegeneem van 'n laagtepunt van 8 persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 13% persent in die vierde kwartaal van 1993. Die koers van toename in die faktorinkome het dus van 10 persent in 1992 tot 11% persent in 1993 toegeneem. Hierdie matige toename in faktorinkome is in 'n tydperk van aansienlik laer inflasie aangeteken en was die netto gevolg van 'n skerp stygging in die koers van toename in die bruto bedryfsurplus, wat die daling in die koers van toename in die vergoeding van werknemers meer as geneutraliseer het.

Die persentasieverandering van die *bruto bedryfsurplus* oor een jaar het van 'n gemiddelde van ongeveer 3% persent in die laaste helfte van 1992 tot 14% persent in die ooreenstemmende tydperk van 1993 gestyg. In 1993 het die bruto bedryfsurplus met 11% persent toege neem, wat aansienlik hoér is as die toename van 6% persent in 1992. Hierdie skerp toename het hoofsaaklik verband gehou met 'n stewige uitbreiding in die inkomme van die boere. Indien die landbousektor buite rekening

Bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding



gelaat word, het die bruto bedryfsurplus in 1993 steeds met 10% persent gestyg. Hoewel die meeste van die hoofsektore tot hierdie toename bygedra het, het veral die bruto bedryfsurplus van die goudmyne as gevolg van die stygging in die randwaarde van goud skerp toegeneem.

Die koers van toename oor vier kwartale in die *nominale vergoeding* van werkers het van 11½ persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 9½ persent in die derde sowel as die vierde kwartaal van 1993 afgeneem. Oor 'n volle kalenderjaar het die koers van toename in die totale salaris en lone van 13 persent in 1992 tot 10 persent in 1993 gedaal. Hierdie stadiger groei in die vergoeding van werknemers was in al die hoofsektore van die ekonomie waarneembaar.

Binnelandse besparing

As gevolg van die skerp toename in die binnelandse besteding in die eerste helfte van 1993, het die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk van 17½ persent in die tweede kwartaal van 1993 tot 16½ persent in die derde sowel as in die vierde kwartaal afgeneem. Teen 16½ persent in die kalenderjaar 1993, het die binnelandse besparingsverhouding min of meer op dieselfdevlak as in die vorige jaar gebly.

Die laer besparingsverhouding in die tweede helfte

van 1993 was die gevolg van die steeds betreklik hoë vlak van ontsparing deur die algemene owerheid en 'n daling in die netto besparing deur die private sektor as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk. Ofskoon die owerheid 'n netto ontspaarder gebly het, was die vlak van die owerheid se ontsparing in die laaste helfte van 1993 21 persent minder as in die laaste helfte van 1992. Die netto besparing van die private sektor het oor dieselfde tydperk ook stewig vertoon as gevolg van toenames in die bruto bedryfsurplus van geïnkorporeerde sakeondernemings en 'n styging in die inkomme uit eiendom wat deur huishoudings ontvang is.


Werkverskaffing

Die totale werkverskaffing in die formele sektore buite die landbou is ernstig geraak deur die resessie van 1989 tot 1993, sowel as deur besuinigingsprogramme wat tot arbeidsvermindering aanleiding gegee het. Die werkverskaffing het van die eerste kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1993 (die jongste inligting wat deur die Sentrale Statistiekdiens beskikbaar gestel is) met 5,9 persent, of met ongeveer 350 000 persone, afgeneem. Die totale aantal werkers wat aan die einde van die eerste kwartaal van 1993 in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou in diens was, was gevoglik naastenby dieselfde as die aantal wat aan die einde van die eerste kwartaal van 1983 in diens was. Met ander woorde, geen netto bykomstige werkgeleenthede is gedurende die afgelope tien jaar in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou geskep nie.

Die afname in die totale werkverskaffing kan toegeskryf word aan personeelvermindering in die *private sektor*. Die totale werkverskaffing in die private sektor het in die derde kwartaal van 1989 begin daal en, met die uitsondering van die eerste kwartaal van 1990, in elke daaropvolgende kwartaal tot en met die eerste kwartaal van 1993 afgeneem. Boonop het die koers van afname van kwartaal tot kwartaal skerp versnel van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 1,0 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 5,7 persent in die derde kwartaal van 1992; toe eers het dit verlangsaam tot 1,0 en 1,6 persent in die daaropvolgende twee kwartale. Beskikbare gegewens vir die tweede kwartaal van 1993 dui op 'n voortgesette afname in die arbeidsmag van die private sektor ondanks die toenames in die werkverskaffing deur die motorhandel, banke en die versekeringsbedryf.

Die werkverskaffing deur die *openbare owerhede* het per saldo van die eerste kwartaal van 1989 tot die vierde kwartaal van 1992 met 2,5 persent toegeneem. Gedurende die eerste twee kwartale van 1993 het die pogings van die sentrale regering en die openbare ondernemings om toenames in die lopende besteding te besnoei egter veroorsaak dat die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 5,1 en 8,2 persent gedaal het. Die vlak van die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede in die tweede kwartaal van 1993 was gevoglik 0,7 persent laer as in die eerste kwartaal van 1989.

Werkverskaffing in nie-landbousektore



Vervolgens het die vlak van die werkverskaffing deur die openbare owerhede in die derde kwartaal onveranderd gebly grotendeels as gevolg van 'n betreklike groot toename in die werkverskaffing deur die onafhanklike state.

Die ernstige uitwerking van die konjunkturele afwaartse beweging op die arbeidsmark is ook gestaaf deur 'n skerp toename in die aantal *geregistreerde werklose persone*. Gedurende die eerste tien maande van 1993 was die gemiddelde vlak van die geregistreerde werklose persone 12,5 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1992. In Oktober 1993 het die seisoensaangesuiwerde totale getal geregistreerde werkloses 319 000 beloop.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die koers van toename in die gemiddelde *nominale vergoeding per werker* in die sektore van die ekonomie buite die landbou het afgeneem van 'n hoogtepunt van 18,3 persent in 1989 tot 15,2 persent in 1992. Die koers van toename oor vier kwartale in die gemiddelde salaris en lone per werker het selfs skerper gedaal van 19,4

persent in die tweede kwartaal van 1990 tot slegs 12,2 persent in die eerste kwartaal van 1993. Ondanks hierdie afname, was die koers van toename in die nominale arbeidsvergoeding per werker steeds betreklik hoog as die inflasiekoerse en die ooraanbod van werkers in afgeneem word. Hierdie hoë koerse van toename kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die afdanking van 'n groot aantal ongeskoolde werkers wat tot 'n daling in die verhouding van ongeskoolde tot geskoolde werkers in die werkverskaffing van die formele sektor en gevvolglik tot hoër gemiddelde salaris en lone per werker aanleiding gegee het.


Die stadiger groei in die totale arbeidsvergoeding per werker kon aanvanklik hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n afname in die groei van die gemiddelde salaris en lone per werker in die private sektor: die groei oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker in die private sektor het afgeneem van 18,5 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 12,7 persent in die eerste kwartaal van 1993 en, volgens beskikbare gegewens, moontlik selfs verder in die tweede kwartaal. Die koers van toename in die nominale vergoeding per werker in diens van die openbare owerhede het egter ook aansienlik gedaal van 22,5 persent in die eerste kwartaal van 1991 tot die lae vlakte van 7,0 persent in die tweede kwartaal van 1993 en 7,6 persent in die derde kwartaal.

Die reële vergoeding per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou (soos gedefleer met die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) het dwarsdeur die resessie tot die eerste kwartaal van 1993 voortgegaan om toe te neem. In ooreenstemming met die stadiger groei in die nominale vergoeding het die groei oor vier kwartale in die reële vergoeding per werker egter aansienlik afgeneem van 3,5 persent in die tweede kwartaal van 1992 tot 1,3 persent in die eerste kwartaal van 1993.

Die afdanking van 'n groot aantal werkers en 'n afname in die getal mandaat wat vanweë stakings en werkstopsettings verloor is, was verantwoordelik vir 'n versnelling in die koers van toename in die arbeidsproduktiwiteit buite die landbou van 0,5 persent in 1990 tot 1,4 persent in sowel 1991 as 1992. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële produksie per werker in die sektore uitgesonderd landbou het ook van 0,5 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 1,8 persent in die vierde kwartaal van 1992 en 1,7 persent in die eerste kwartaal van 1993 versnel.

Die laer koerse van toename in die nominale vergoeding van werkers en die styging in die arbeidsproduktiwiteit het die koers van toename in die nominale arbeidseenheidskoste van 17,2 persent in 1989 tot 13,6 persent in 1992 verminder. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale arbeidseenheidskoste het selfs meer betekenisvol afgeneem van 'n hoogtepunt van 19,8 persent in die vierde kwartaal van 1989 tot slegs 10,3 persent in die eerste kwartaal van 1993 – die laagste koers van toename in die nominale arbeidseenheidskoste sedert 1985. Ondanks hierdie lae toenames in nominale

Arbeidsproduktiwiteit, vergoeding en eenheidskoste in nie-landbousektore




koste, het die verandering in die arbeidseenheidskoste tot aan die einde van 1992 positief gebly. In die eerste kwartaal van 1993 het die reële arbeidseenheidskoste (gemeet oor vier kwartale) egter met 0,4 persent gedaal.

Prys

Die laer koerse van toename in die arbeidseenheidskoste, die konserwatiewe monetêre beleid wat deur die owerhede nagevolg is, die betreklike bestendigheid van die eksterne waarde van die rand, die gebrek aan vraagdruk en die verbeterde landbouthouerstande het meegewerk om inflasiedruk te verminder. Dit het veroorsaak dat die koers van toename in die verbruikersprysindeks in 1993 tot enkelsyfervlakte afgeneem het, terwyl die koers van toename in die produksieprysindeks betreklik laag gebly het.

Die koers van toename in die omvattende produksieprysindeks het aansienlik afgeneem van sy jongste hoogtepunt van 15,2 persent in 1989 tot slegs 6,6 persent in 1993 – die laagste vlak sedert 1971. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die produksieprysindeks het reeds in November 1991 'n

Produksiepryse



enkelsyfvlak van 9,7 persent bereik en in die daaropvolgende tydperk onder 10 persent gebly. In Oktober 1993 het hierdie koers van toename die lae vlak van 5,4 persent bereik voordat dit weer ietwat toegeneem het tot 6,0 persent in November en Desember 1993.

Hoewel die pryse van *ingevoerde goedere* gedurende 1993 teen ietwat hoér koerse as in 1992 gestyg het as gevolg van die skerp depresiasie van die rand, het die stygging in hierdie pryse sedert 1991 feitlik deurgaans 'n demper op inflasie in die omvattende produksieprysindeks geplaas. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die pryse van *ingevoerde goedere* het gedaal van 19,1 persent in November 1990 tot negatiewe koerse aan die einde van 1991 en die begin van 1992; daarna het dit versnel tot 7,5 persent in Julie 1992 en in die daaropvolgende tydperk rondom hierdie vlak gewissel. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die pryse van *ingevoerde goedere* het onlangs weer teruggesak van 6,8 persent in Junie 1993 tot 4,1 persent in Desember. In die kalenderjaar 1993 het die koers van toename in die pryse van *ingevoerde goedere* 5,0 persent beloop, teenoor 4,2 persent in 1992 en 16,3 persent in 1989.


Nadat die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die pryse van *binnelands geproduseerde goedere* in Maart 1991 'n hoogtepunt van 13,9 persent

bereik het, het dit in die daaropvolgende maande aansienlik afgeneem. Gedurende 1993 het hierdie koers van toename in die pryse van binnelands geproduseerde goedere verder gedaal van 9,0 persent in Februarie tot 5,7 persent in Oktober, voordat dit weer ietwat toegeneem het tot 6,3 persent in Desember. Die gemiddelde koers van toename in die pryse van binnelands geproduseerde goedere het derhalwe afgeneem van 14,9 persent in 1989 tot 7,0 persent in 1993.

Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die omvattende *verbruikersprysindeks* het sy jongste hoogtepunt eers teen die einde van 1991 bereik. In teenstelling met die produksieprysindeks, het hierdie koers van toename in die verbruikersprysindeks aanvanklik slegs matig afgeneem van 16,8 persent in Oktober 1991 tot 15,1 persent in Junie 1992; eers daarna het dit vinnig gedaal tot 9,6 persent in Desember 1992 en selfs verder tot 9,0 persent in Februarie 1993. Hierdie koers van toename het daarna weer toegeneem tot 11,0 persent in April voordat dit afwaarts gewissel het tot 9,1 persent in September 1993; dit het daarna weer ietwat tot 9,9 persent in Januarie 1994 versnel.

Vir die eerste jaar sedert 1973 is 'n enkelsyferinflasiekoers in die verbruikersprysindeks dus in 1993 aangeteken, te wete 9,7 persent. Vanaf April 1993 (die maand waarin die toegevoegde waarde en ander

Verbruikerspryse



indirekte belastings verhoog is) tot Januarie 1994 het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die verbruikersprysindeks slegs 7,4 persent beloop.

'n Stadiger toename in die prysse van verbruikersgoedere en -dienste het tot die laer inflasiekoers in verbruikerspryse gedurende 1993 bygedra. Die koers van toename in die prysse van verbruikersdienste oor 'n tydperk van twaalf maande het egter onlangs 'n duidelik opwaartse beweging getoon van 'n laagtepunt van 5,9 persent in Januarie 1993 tot 10,9 persent in Januarie 1994. In teenstelling met hierdie ontwikkeling, het die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die prysse van verbruikersgoedere per saldo van 12,5 persent in April 1993 tot 9,2 persent in Januarie 1994 afgeneem.



Buitelandse handel en betalings

Lopende rekening

Ondanks die herstel in die ekonomiese bedrywigheid gedurende die loop van 1993, het die *oorskot op die lopende rekening* van die betalingsbalans betreklik groot gebly. Gereken teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het die saldo op die lopende rekening slegs matig gekrimp van 'n gemiddelde kwartaallikse vlak van R6,2 miljard in die eerste helfte van 1993 tot R6,0 miljard in die derde kwartaal en R5,3 miljard in die vierde kwartaal. Vir 1993 in die geheel het die oorskot op die lopende rekening R5,9 miljard beloop – aansienlik meer as die oorskot van R3,9 miljard in 1992. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die oorskot op die lopende rekening van 1,2 persent in 1992 tot 1,6 persent in 1993 toegeneem.

Die slegs effense afwaartse beweging in die oorskot op die lopende rekening gedurende 1993 het plaasgevind ondanks 'n skerp stygging in die waarde van die goedere-invoer en in netto betalings vir dienste en oordragte aan nie-inwoners. Hierdie betreklike sterk vertoning van die lopende rekening was die gesamentlike resultaat van 'n aansienlike stygging in die waarde van die

Betalingsbalans: Handelsrekening




goedere-uitvoer en die netto gouduitvoer.

Die waarde van die goedere-uitvoer (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) het van R48,6 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot nie minder nie as R63,6 miljard in die vierde kwartaal gestyg. Vir 1993 in die geheel het die totale waarde van die goedere-uitvoer met 14% persent toegeneem, teenoor 9½% persent in die voorafgaande jaar. Die skerp styging in die goedere-uitvoer in 1993 het in 'n groot mate verband gehou met hoér uitvoerpryse wat vanweë die depresiasie van die rand met 8 persent gestyg het. Internasionale grondstofpryse was oor die algemeen onder druk en het eers teen die einde van die jaar effens opwaarts begin beweeg.


Die hoeveelheid van die goedere-uitvoer het in 1993 buitengewoon goed presteer en met 6 persent gestyg; daarmee het dit die groei van 3 persent in die wêreldhandel met 'n aansienlike marge oorskry. In die besonder het die uitvoer van vervaardigde produkte skerp gestyg. In verhouding tot totale goedere-uitvoer, het die aandeel van vervaardigde produkte nou voortdurend van 15,7 persent in 1989 tot 23,9 persent in 1993 gestyg – 'n aanduiding dat die vlak van die wisselkoers van die rand Suid-Afrikaanse vervaardigers steeds in staat stel om suksesvol op internasionale markte mee te ding. Die voortgesette sterk prestasie van die uitvoer van vervaardigde produkte is waarskynlik ook 'n weerspieëeling van die lae vlak van die binnelandse vraag, wat vervaardigers noop om ander afsette vir hulle produkte te vind.

Nadat die *netto gouduitvoer* bestendig van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R18,2 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot 'n buitengewoon hoë R24,5 miljard in die derde kwartaal van 1993 gestyg het, het dit in die vierde kwartaal tot die steeds hoë vlak van R21,2 miljard gedaal. Die waarde van die netto gouduitvoer het gevvolglik in 1993 met 21 persent toegeneem; in die vierjaar-tydperk van 1988 tot 1992 het die waarde van die netto gouduitvoer teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van ongeveer 2 persent gedaal. 'n Styging in die randprys van goud was hoofsaaklik vir dié

Netto gouduitvoer



Goudprys



toename in 1993 verantwoordelik, terwyl die gemiddelde prys van goud uitgedruk in VSA-dollar teen \$360 per fyn ons slegs effens hoër as in 1992 was. Die hoeveelheid van die netto gouduitvoer het in 1993 met ongeveer 4 persent gestyg, wat hoofsaaklik 'n weerspieëling is van 'n

Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1992				1993	
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar
Goedere-uitvoer	49,0	48,6	56,2	55,8	63,6	56,1
Netto gouduitvoer	18,4	21,0	22,2	24,5	21,2	22,2
Goedere-invoer	-51,9	-56,1	-55,8	-59,3	-64,0	-58,8
Netto dienste- en oordragbetalings	-11,6	-11,7	-12,0	-15,0	-15,5	-13,6
Saldo op lopende rekening	3,9	1,8	10,6	6,0	5,3	5,9

toename in die gehalte van die erts wat verwerk is.

Die aansienlike styging in die binnelandse besteding in die tweede helfte van 1993 het soos verwag kon word 'n toename in die waarde van die goedere-invoer (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) van R55,8 miljard in die tweede kwartaal van 1993 tot R59,3 miljard in die derde kwartaal en R64,0 miljard in die vierde kwartaal tot gevolg gehad. Vir die jaar in die geheel het die waarde van die goedere-invoer met 13½ persent gestyg, wat uit toenames van 9 persent in die pryse en 4 persent in die hoeveelhede van ingevoerde goedere bestaan het. Sterk toenames is aangeteken in die kategorieë masjinerie en elektriese toerusting en vervoertoerusting, wat 'n skerp afname in die invoer van landbouprodukte teëgewerk het.


Netto betalings vir dienste en oordragte aan nie-inwoners het geleidelik toegeneem van 'n selsoensaangesuiwerde jaarkoers van R11,7 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R15,0 miljard in die derde kwartaal en selfs verder tot R15,5 miljard in die vierde kwartaal. Hierdie toenemende groter tekort op die dienstebetallings aan nie-inwoners wat die toename in ontvangste vir dienste aan hulle gelewer, oorskry het. Die skerp styging in dienstebetallings was op sy beurt grootliks die gevolg van hoér besteding aan toerisme en reiskoste deur Suid-Afrikaners, hoér betalings vir vrag en versekering sowel as 'n betekenisvolle toename in rentebetallings aan nie-inwoners, wat 'n weerspieëling is van groot buitelandse beleggings deur die stelsel van finansiële rand in Suid-Afrikaanse effekte.

Kapitaalbewegings

Die kommerwekkende groot totale netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie (soos heromskry om die buitelandse korttermynlaste van die private monetêre sektor in te sluit) van R10,8 miljard in die eerste nege maande van 1993, het in die vierde kwartaal voortgeduur. Hoofsaaklik vanweë politieke en sosiale onsekerhede, die voortslepende binnelandse onrus, druk op die wisselkoers van die rand tesame met die betreklike sterk VSA-dollar en die praktyk wat deur sommige buitelandse banke gevvolg word om hul uitstaande eise op nie-inwoners aan die einde van hul finansiële jaar te verminder, is 'n netto kapitaaluitvloeiing van nie minder nie as R5,5 miljard in die vierde kwartaal van 1993 aangeteken; hierdie vlak was letwat hoër as die netto uitvloeiing van R4,4 miljard in die derde kwartaal van 1993.

Soos in vorige kwartale, het 'n voortgesette groot netto uitvloeiing van kapitaal in die vierde kwartaal van 1993 hoofsaaklik weer in *korttermynkapitaal*, insluitende foute en onaangewekende transaksies, voorgekom. Die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie het van R3,2 miljard in die derde kwartaal van 1993 tot R5,3 miljard in die vierde kwartaal toegeneem. Die netto uitvloeiing van *langtermynkapitaal* het daarenteen oor dieselfde tydperk van R1,1 miljard tot

Netto kapitaalbewegings



R0,2 miljard verminder.

Vir die kalenderjaar 1993 in die geheel is 'n netto uitvloeiing van R16,3 miljard aangeteken, wat aansienlik hoër was as die netto uitvloeiing van R3,7 miljard in 1992; die kumulatiewe netto uitvloeiing van kapitaal sedert 1985 beloop nou R49 miljard. Meer as 90 persent van die netto kapitaaluitvloeiing in 1993 was in die vorm van korttermynkapitaal, dit wil sê kapitaal met 'n oorspronklike looptyd van een jaar of minder. 'n Groot deel van hierdie uitvloeiing van korttermynkapitaal was te wyte aan 'n afname in finansielerand-saldo's by banke vanweë netto aankope van sekuriteite deur buitelanders.

Die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal van R1,5 miljard het hoofsaaklik bestaan uit terugbetalings op buitelandse lenings deur die *openbare owerhede* en *openbare korporasies*. Vanweë die betreklik hoë koste van buitelandse lenings teenoor binnelandse lenings, was hierdie instellings nie geneë om uitstaande verpligtinge teenoor nie-inwoners op vervaldatums om te rol nie. Nie minder nie as R1,6 miljard op toondereffekte en skuldbrieue en R1,8 miljard op lenings gewaarborg deur buitelandse regerings is gevvolglik in 1993 afgelos. Hierdie instellings en die *private sektor* het ook netto terugbetalings van R0,9 miljard gemaak op skuld wat na medium- en langtermynlenings buite die net omgeskakel is, terwyl die finale drie paaiememente aan buitelandse krediteure ingevolge die Derde Tussentydse Skuldooreenkoms in 1993 R2,4 miljard beloop het.

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)*

R miljoene

	1992		1993			Jaar
	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	
Langtermynkapitaal						
Openbare owerhede	2 092	-119	-597	-738	-619	-2 073
Openbare korporasies.....	1 050	-526	-132	-140	-876	-1 674
Private sektor	-4 653	441	750	-224	1 280	2 247
Totale langtermynkapitaal.....	-1 511	-204	21	-1 102	-215	-1 500
Korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie						
Monetêre sektor	3 306	-1 799	-1 033	652	-629	-2 809
Ander, insluitende onaangetekende transaksies	-5 468	-1 652	-1 787	-3 900	-4 625	-11 964
Totale kapitaalbewegings, uitsluitende laaste verwant aan reserwes.....	-3 673	-3 655	-2 799	-4 350	-5 469	-16 273

* Heromskryf om die buitelandse korttermynlaaste van die private monetêre sektor in te sluit.


Hoewel 'n netto invloeiing van langtermynkapitaal van R2,2 miljard na die private sektor in 1993 aangeteken is, het dit netto aankope ingesluit van R4,2 miljard deur nie-inwoners van aandele en effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is; hierdie aankope verteenwoordig natuurlik nie 'n netto toename van buitelandse reserwes na die land nie omdat dit deur ooreenstemmende uitvloeiings in ander poste van die kapitaalrekening geneutraliseer behoort te word (byvoorbeeld in die buitelandse korttermynlaaste van monetêre instellings), vanweë die feit dat hierdie transaksies deur die finansiélerandmeganisme moes plaasgevind het.

Buitelandse reserwes


Die netto resultaat van die groot uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie en die effens kleiner oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans was 'n afname van R4,3 miljard in Suid-Afrika se netto goud- en ander buitelandse reserwes in die vierde kwartaal van 1993. Die land se netto buitelandse reserwes het gevvolglik in die kalenderjaar 1993 met R10,3 miljard gedaal; 'n aansienlike verandering van die toename van R0,3 miljard wat in 1992 aangeteken is. In die eerste twee maande van 1994 het 'n sterk oommekeer egter in hierdie grootheid voorgekom en het die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank met R1,1 miljard gestyg.

Die betreklik lae vlak van die bruto buitelandse reserwes het die owerhede genoodsaak om aansienlike trekkings op hul buitelandse korttermynkredietfasilitate te maak. Die uitstaande buitelandse korttermynlaaste verwant aan reserwes van die Reserwebank het gevvolglik geleidelik toegeneem van nul in November 1992 tot R2,6 miljard aan die einde van September 1993 en tot R5,3

Bruto goud- en ander buitelandse reserwes



Laaste verwant aan reserwes



miljard aan die einde van Desember 1993. In die eerste twee maande van 1994 het hierdie laste van die Bank weer tot R3,9 miljard aan die einde van Februarie gedaal. Die Sentrale Regering het ook addisionele bystand verleen met die handhawing van die vlakke van die buitelandse reserwes deur die trekking in Desember 1993 van R2,8 miljard by die Internasionale Monetêre Fonds. Hierdie lening is terugbetaalbaar in agt gelyke kwartaallikse paaieremente wat in die eerste kwartaal van 1997 'n aanvang neem.

As gevolg van die trekkings op hierdie leningsfasiliteite, het die *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* van Suid-Afrika slegs marginaal van R11,2 miljard aan die einde van 1992 tot R11,1 miljard aan die einde van 1993 gedaal. Die goudreserwes van die land het egter aan die einde van Desember 1993 slegs 4,8 miljoen fyn onse beloop, wat aansienlik laer was as die vlak van 6,6 miljoen fyn onse aan die einde van Desember 1992; dit beteken natuurlik ook dat die besit aan buitelandse valuta van die land oor dieselfde tydperk toegeneem het. In die eerste twee maande van 1994 het die Reserwebank se bruto goud- en ander buitelandse reserwes marginaal met R292 miljoen tot R8,8 miljard aan die einde van Februarie 1994 gedaal.

Wisselkoerse

Die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand het in 1993 met 8,7 persent gedaal, vergeleke met 4,4 persent in 1992. Die verdere afname in die gemiddelde geweegde wisselkoers van die rand was die gevolg van 'n depresiasi van die rand teenoor al die belangrikste

Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	31 Des '92 tot 18 Okt '93	18 Okt '93 tot 31 Des '93	31 Des '92 tot 31 Des '93	31 Des '93 tot 28 Feb '94
Geweegde				
gemiddelde ...	-9,2	0,6	-8,7	-3,2
VSA-dollar	-8,4	-1,9	-10,1	-2,1
Britse pond.....	-7,4	-0,3	-7,7	-2,6
Duitse mark.....	-7,8	4,8	-3,4	-3,4
Japanse yen.....	-21,3	2,4	-19,4	-8,5
Nederlandse				
gulden	-7,6	4,2	-3,8	-3,0
Italiaanse lira....	-1,4	5,7	4,2	-3,5


geldeenhede uitgesonderd die Italiaanse lira. In die besonder, het die rand aansienlik teenoor die Japanse yen gedepresieer as gevolg van die geldeenheid se betreklike sterk vertoning in internasionale markte. Die rand het in die eerste twee maande van 1994 voortgegaan om teenoor die belangrikste geldeenhede te depresieer, met die gevolg dat die nominale effektiewe wisselkoers van die rand met 'n verdere 3,2 persent gedaal het.

Die skerp daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand gedurende 1993 het die verskil in die inflasiekoerse tussen Suid-Afrika en sy vernaamste handelsvennootlande oorskry; die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand het gevólglik gedurende 1993 met 4,9 persent verminder.

Ondanks die skerp fluktuasies in die wisselkoers van die *finansiële rand* wat gedurende 1993 in reaksie op verskeie politieke en ekonomiese verwante voorvalle van tyd tot tyd voorgekom het, het die wisselkoers van die finansiële rand per saldo van R4,860 per dollar aan die einde van Desember 1992 tot R4,296 per dollar aan die einde van 1993 geappresieer, 'n styging van meer as 13 persent. Die diskonto op die finansiële rand het gedurende die tydperk van 37,2 persent tot 20,9 persent vermou. Kommer oor probleme rakende die konstitusionele onderhandelingsproses het geleid tot 'n depresiasi van die wisselkoers van die finansiële rand tot R4,726 op 28 Februarie 1994. Die diskonto op die finansiële rand het oor hierdie tydperk ook tot 26,5 persent verbreed.

Nominale en reële effektiewe wisselkoerse van die rand

120



Finansiële markte

Geldvoorraad

Die groei in die monetêre groothede het gedurende die grootste deel van 1993 traag gebly. Die koers van toename in hierdie groothede het oor die algemeen gedurende die eerste helfte van 1993 baie lae vlakke bereik, maar dit het daarna teen die einde van die jaar ietwat versnel. Die koers van toename oor twaalf maande in die *omvattend gedefinieerde geldvoorraad* (M3) het van 'n reeds lae 8,0 persent in Desember 1992 tot slegs 1,9 persent in Julie 1993 gedaal; in die daaropvolgende ses maande het dit matig tot 7,0 persent in

Desember 1993 en verder tot 'n geraamde 9,6 persent in Januarie 1994 gestyg.

Die betreklik lae groeikoerse in M3 gedurende 'n groot deel van 1993 kon hoofsaaklik aan die lae vlak van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid, 'n afname in die inflasiekoers, die betreklik beperkende monetêre beleidsingesteldheid en disintermediasierprakteke vanweë die betreklike groot gapings tussen banke se deposito- en uitleenkoerse, toegeskryf word. Soos reeds breedvoerig in die *Kwartaalblad* van Desember 1993 uiteengesit is, is die groei in die geldvoorraad verder deur sekere tegniese aspekte beperk, soos die oorbefondsing van die skatkistekort aan die begin van die fiskale jaar, groter benutting van buigsame verbandfasiliteite en regulatoriese veranderings aan die likwiedebate- en kontantreserwevereistes van die banke.


Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die meeste van die *enger monetêre totale* het ook aan die begin van 1993 gedaal, maar daarna het dit in die tweede helfte van die jaar ietwat versnel. Die koers van toename in M2 oor tydperke van twaalf maande het naamlik van 10,8 persent in Desember 1992 tot 0,1 persent in Julie 1993 gedaal voordat dit in Desember weer tot 3,9 persent gestyg het, terwyl die koers van toename in M1 van 17,5 persent in Desember 1992 tot -0,5 persent in Oktober 1993 gedaal het voordat dit in Desember tot 6,7 persent gestyg het. In teenstelling met hierdie ontwikkelings het die groeikoers oor twaalf maande in M1A aanvanklik van 16,2 persent in Desember 1992 tot 25,9 persent in April 1993 gestyg; dit het daarna in September tot 6,9 persent gedaal, maar in Desember weer tot 16,6 persent gestyg.

Verskuiwings tussen die verskillende kategorieë deposito's was hoofsaaklik verantwoordelik vir die groter wisselings in die koers van toename in die *enger monetêre totale* as in dié van M3 gedurende 1993. Soos uit die bygaande tabel blyk, het duidelike verskuiwings van "ander onmiddellik opeisbare deposito's" na tjeke- en transmissiedepositos plaasgevind; dit was hoofsaaklik die gevolg van die aktiewe bemarking van hierdie tipies deposito en die oordrag van openbare korporasies se daggeledddeposito's by die Korporasie vir Openbare Depositos na tjeke- en transmissiedepositos by banke. Daarbenewens is 'n merkbare toename in langtermyndeposito's aangeteken as gevolg van "egte likwiditeitsvoorseurooorwegings" in afwagting van verwagte verlagings in depositokoerse. Die toename in langtermyndeposito's was trouens in 1993 vir meer as die helfte van die totale toename in M3 verantwoordelik.

Die 1993-“riglynjaar”

Die gemiddelde vlak van die M3-geldvoorraad het in die vierde kwartaal van 1993 R207,5 miljoen beloop; dit was 5,6 persent hoër as die gemiddelde vlak van M3 in die vierde kwartaal van 1992. Die werklike toename in M3, soos gemaat vir geldvoorraadriglyndoelendes, was dus ietwat laer as die onderste perk van die mikpuntriglyne van 6–9 persent vir die 1993-“riglynjaar”. Soos reeds

Monetêre totale



Verandering in monetêre totale

R miljoene

	Munte en note in omloop	Tjek- en trans- missie deposito's	M1A	Ander onmiddellik opeisbare deposito's	M1	Ander kort- en middel- termyn deposito's	M2	Lang- termy deposito's	M3
Desember 1992.....	9 535	30 191	39 726	31 845	71 571	100 642	172 213	25 007	197 220
Desember 1993.....	10 482	35 850	46 332	30 066	76 398	102 549	178 947	32 031	210 978
Verandering	947	5 659	6 606	-1 779	4 827	1 907	6 734	7 024	13 758
Persentasieverandering oor 12 maande.....	9,9	18,7	16,6	-5,6	6,7	1,9	3,9	28,1	7,0
Verandering as persentasie van totale verandering in M3.....	6,9	41,1	-	-12,9	-	13,9	-	51,0	100,0


vermeld, was die groei in M3 gedurende die eerste sewe maande van 1993 besonder traag en die seisoensaangesuiwerde waarde van M3 het om die kwartaallikse gemiddelde waarde van die vierde kwartaal van 1992 (wat as basis vir die 1993-riglynjaar dien) gewissel. Die daaropvolgende versnelling in die groei van M3 het die geldvoorraad vanaf November 1993 tot binne die riglyngrens gebring.

Die *inkome-omloopsnelheid* van M3 het as gevolg van die betreklik lae vraag na geld en disintermediasie-


praktyke van 1,71 in die vierde kwartaal van 1992 tot 1,87 in die derde kwartaal van 1993 gestyg, of met ongeveer 9 persent. Die inkome-omloopsnelheid van M3 het daarna in die vierde kwartaal teruggesak in ooreenstemming met 'n merkbare versnelling in die groei van die vraag na geld gedurende hierdie kwartaal.

In 'n statistiese of rekenkundige sin was die toename in die gemiddelde kwartaallikse waarde van M3 van R11,0 miljard (seisoensaangesuiwer) van die vierde kwartaal van 1992 tot die vierde kwartaal van 1993 meer as volledig verklaar deur die toename van R19,3 miljard in die monetêre sektor se kwartaallikse gemiddelde eise

Riglyne vir groei in M3



Inkome-omloopsnelheid van geld



teen die binnelandse private sektor. Die monetêre sektor se kwartaallikse gemiddelde netto eise teen die regeringsektor het 'n verdere R1,5 miljard tot die toename in die geldvoorraad bygedra. In teenstelling hiermee het die monetêre instellings se kwartaallikse gemiddelde besit aan netto buitelandse bates (ingesluit goud) en "netto ander bates" van die vierde kwartaal van 1992 tot die vierde kwartaal van 1993 met onderskeidelik R8,4 miljard en R1,4 miljard gedaal.

Kredietverlening


Die groeikoers oor twaalf maande in *binnelandse kredietverlening aan die nie-bank private sektor* deur monetêre instellings het van 'n reeds lae 8,7 persent in Desember 1992 tot 5,7 persent in Mei 1993 afgeneem voordat dit in

Desember tot 9,6 persent gestyg het. Hierdie groeikoers was van die einde van 1991 af laer as die inflasiekoers (soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks), en was slegs in November 1993 in reële terme positief. Die betreklik lae groei in die banksektor se eise op die private sektor was hoofsaaklik veroorsaak deur die lae vlak van ekonomiese bedrywigheid in Suid-Afrika, 'n swak vraag na sulke krediet te midde van algemene onsekerheid, die betreklik hoë koste van leenbedrywigheide, disintermediasieprakteke en regulatoriese veranderings.

'n Ontleding van die monetêre instellings se eise teen die binnelandse private sektor volgens soort krediet toon dat die betreklik lae groei in kredietverlening gedurende 1993 hoofsaaklik die gevolg was van relatief lae koers van toename in bruukhuurfinansiering en in sogenaamde "ander lenings en voorskotte". Die groeikoers oor twaalf maande in *bruukhuurfinansiering* het merkbaar verlangsaaam van 9,6 persent in Desember 1992 tot slegs 2,2 persent in Junie 1993; dit het daarná gestyg tot 6,8 persent in Desember. Die ooreenstemmende groeikoers in "ander lenings en voorskotte" het ook verder gedaal van slegs 0,9 persent in Desember 1992 tot negatiewe vlakke gedurende die eerste ses maande van 1993; maar in Desember 1993 het dit tot 8,1 persent toegeneem. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, was "ander lenings en voorskotte" nietemin vir bykans 30 persent van die totale toename in kredietverlening aan die binnelandse private sektor in 1993 verantwoordelik. Daarbenewens het *beleggings en wissels wat by banke verdiskonter* is in 1993 in nominale terme in werklikheid skerp afgeneem en 'n negatiewe bydrae tot kredietverlening deur banke gemaak.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings is 'n betreklik hoë groei in verbandfinansiering en afbetalingsverkoop-krediet in 1993 aangeteken. Ondanks die werklike afname in die nominale waarde van transaksies in vaste eiendom, het die vraag na *verbandfinansiering* sterk gebly vanweë die voordele van die buigsaamheid van sommige verbandskemas en die banke se aktiewe bevordering van hierdie kredietfasilitet as gevolg van die laer kapitaalvereistes wat daarop van toepassing is. Die koers van

Kredietverlening deur monetêre instellings



Verandering in kredietverlening aan die private sektor

R miljoene

	Beleggings en wissels verdiskonter	Afbetalings- verkoop- krediet	Bruukhuur finan- siering	Verband- voor- skotte	Ander lenings en voor- skotte	Totaal
Desember 1992	19 551	19 552	14 500	82 395	73 488	209 487
Desember 1993	14 575	23 062	15 493	97 014	79 452	229 596
Verandering.....	-4 976	3 510	993	14 618	5 964	20 109
Persentasieverandering oor 12 maande	-25,5	18,0	6,8	17,7	8,1	9,6
Verandering as persentasie van totale verandering in kredietverlening	-24,7	17,4	4,9	72,7	29,7	100,0

toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte het derhalwe effens gestyg van 'n hoëvlak van 17,3 persent in Desember 1992 tot 17,7 persent in Desember 1993. Die klaarblyklike invloed van verbandfinansiering op kredietverlening word duidelik geïllustreer deur die feit dat die toename in hierdie geriewe vir nagenoeg 73 persent van die totale toename in bankkrediet aan die private sektor verantwoordelik was.

Die groeikoers oor twaalf maande in *afbetalingsverkoopkrediet* het skerp versnel van slegs 1,5 persent in Desember 1992 tot 11,4 persent in Junie 1993 en tot 18,0 persent in Desember 1993. Hierdie aansienlike toename in afbetalingsverkoopkrediet is hoofsaaklik veroorsaak deur stygende motorverkope en voertuigfinansieringspakkette wat teen 'n "spesiale koers" deur banke in werking gestel is.

Geldmarktoestande en Reserwebankoptrede in die geldmark

Geldmarktoestande het gedurende die eerste nege maande van 1993 betreklik stram gebly, in Oktober en November ietwat verruim maar in Desember 1993 weer aansienlik strammer geword. Hierdie veranderings word duidelik weerspieël deur die bedrag aan akkommodasie by die diskontovenster soos op maandeindes, wat eers van R3,8 miljard aan die einde van Desember 1992 tot R4,8 miljard aan die einde van September 1993 toegeneem het; dit het daarna weer tot R3,3 miljard aan die einde van November gekrimp voordat dit aan die einde van Januarie 1994 tot R5,6 miljard gestyg het en

weer in Februarie skerp afgeneem het tot R3,9 miljard.

Hierdie betreklike stram geldmarktoestande gedurende die grootste deel van 1993 kon hoofsaaklik aan 'n afname in die netto buitelandse bates (ingesluit goud) van die Reserwebank toegeskryf word. 'n Toename in note in omloop en 'n afname in die finansiering van die Landen Landboubank deur die monetêre owerhede, sowel as 'n toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank gedurende sekere maande, het ook hierdie strammer toestande ondersteun. Gedurende 1993 in die geheel het regeringsdeposito's by die Reserwebank egter met R1,4 miljard afgeneem.

Die Reserwebank het verhoed dat geldmarktoestande te stram word deur bykomstige likwiditeit in die binnelandse geldmark te plaas. Die optredes van die Reserwebank het bestaan uit 'n vermindering van die minimum kontantreserwevereistes waaraan banke moes voldoen in Mei 1993 en weer in Augustus, terugkoopoorseenkomste en die oordrag van Tesouriekontantbalanse wat as deposito's by die Reserwebank gehou is na die private banke. Hierdie laasgenoemde nuwe prosedure is in Junie 1993 in werking gestel in afwagting van die voorgestelde stelsel van Belasting- en Leningsrekenings wat gedurende 1994 geïmplimenteer sal word. Aan die einde van Desember 1993 het die regeringsfondse wat by banke geplaas is R5,2 miljard beloop; dit is verminder na R2,0 miljard aan die einde van Februarie 1994.


Hierbenewens het die monetêre owerhede gedurende 1993 ook korttermynfluktuaties in geldmarklikwiditeit uitgeskakel deur die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's aan te pas. Hierdie aanpassings het per saldo van die einde van Desember 1992 tot aan die einde van Desember 1993 'n verruimende invloed van ongeveer R1,6 miljard op die geldmarktoestande uitgeoefen.

Bruto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het in 1993 R178 miljard bedra, vergeleke met R112 miljard in 1992. Netto verkope van hierdie effekte deur die Reserwebank het in 1993 R13,4 miljard beloop, wat ondanks die groter Skatkistekort in 1993 ietwat minder was as die R14,6 miljard in 1992. Die Reserwebank se handel in opsies op staatseffekte het slegs effens toegeneem van 'n maandelikse gemiddelde van R5,2 miljard in 1992 tot R5,3 miljard in 1993.

Geldmarkrentekoerse

Die algemeen afwaartse neiging in geldmarkrentekoerse, wat reeds aan die begin van 1990 'n aanvang geneem het, het gedurende 1993 en die eerste twee maande van 1994 voortgeduur, maar teen 'n aansienlik stadiger tempo as in 1992. Dit is duidelik deur die koers op *interbankdaggaalde* weerspieël wat van 16,00 persent aan die einde van 1991 tot 12,25 persent aan die einde van 1992 en tot 10,00 persent aan die einde van Desember 1993 en 9,50 persent aan die einde van Februarie 1994 afgeneem het. Ander geldmarkrentekoerse het 'n soortgelyke afwaartse neiging getoon. Die Reserwebank het die Bankkoers by twee geleenthede gedurende 1993


Geldmarktekort



Korttermynrentekoerse



Effektebeurstransaksies



met een persentasiepunt tot sy huidige vlak van 12,00 persent verlaag. Die private banke het die verlaging in die Bankkoers gevvolg en hul primakoers op oortrekkings teen die einde van Februarie en die begin van Maart 1993 van 17,25 tot 16,25 persent en vanaf 1 November 1993 verder tot 15,25 persent verlaag. Die inflasie-aangepaste of reële primakoers het ook van 7,0 persent aan die einde van 1992 tot 5,2 persent aan die einde van 1993 afgeneem.

Kapitaalmarkbedrywigheid

Bedrywigheid op die Johannesburgse Effektebeurs het in die loop van 1993 lewendig gebly. Nadat die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, skerp gestyg het van R142,8 miljard in die tweede kwartaal van 1993 tot R206,0 miljard in die derde kwartaal, het dit in die vierde kwartaal verder toegeneem tot 'n nuwe kwartaallikse rekordvlak van R229,2 miljard. Die jaarlikse omset van hierdie effekte ten bedrae van R746,4 miljard in 1993 was 35 persent hoër as in 1992. Handelsbedrywigheid in hierdie mark het aan die begin van 1994 op 'n hoog vlak gebly en in Januarie R82,5 miljard beloop. 'n Voortgesette afname in die Inflasiekoers, die ommekeer in ekonomiese bedrywigheid en 'n skerp toename in die netto aankope van sekuriteite deur nie-inwoners het bygedra om 'n stygmark te ondersteun.


Die waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het skerp toegeneem van R8,0 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R11,3 miljard in die derde kwartaal en nog verder tot R14,1 miljard in

die vierde kwartaal. Die totale waarde van aandeletransaksies in 1993 het dus R44,1 miljard beloop – ongeveer dubbel die omset van 1992. Die skerp toename in die waarde van aandele verhandel het 'n toename in die omsetsnelheid van aandele (gemeet as die waarde van omset as 'n persentasie van markkapitalisasie) van 'n maandelikse gemiddelde van 4,3 persent in 1992 tot 7,3 persent in 1993 tot gevolg gehad.

Die skerp toename in die waarde van aandele wat in 1993 verhandel is, was die gevolg van betekenisvolle toenames in sowel die hoeveelheid as pryse van aandele wat verhandel is. Die aantal aandele verhandel het met 86 persent toegeneem van 2,2 miljard in 1992 tot 4,1 miljard in 1993. Aandelepryse, wat aan die einde van 1992 begin het om te herstel en in die derde kwartaal effens geweifel het, het in die daaropvolgende vier maande tot Januarie 1994 aansienlik toegeneem. Die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele het met 'n indrukwekkende 27,2 persent van September 1993 tot Januarie 1994 toegeneem. Hierdie stygging in aandelepryse is meegebring deur 'n verbetering in die politieke klimaat, die opheffing van sanksies teen Suid-Afrika, lewendige handelstoestande op sommige van die wêreld se toonaangewende effektebeurse en beleggers se voorkeur vir sogenaamde opkomende markte.

Die effense verbetering in die goudprys het veroorsaak dat die prys van goudaandele aanvanklik herstel het. Beteckenisvolle toenames is egter ook in die prys van al die ander kategorieë van aandele in 1993 gemeet. In Januarie 1994 was die gemiddelde prysvlak van al die klasse van aandele 42,8 persent hoër as in Januarie


Aandele op die effektebeurs verhandel



1993, terwyl die gemiddelde prysvlak van goudmynaandele en van nywerheids- en handelsaandele onderskeidelik 183,7 persent en 23,5 persent hoer was. In Februarie 1994 het aandelepryse ietwat gedaal nadat groot afwaartse aanpassings op sommige van die wêreld se toonaangewende effektebeurse voorgekom het.

Nie-inwoners het 'n belangrike rol gespeel in die herstel van aandelepryse gedurende 1993 en hulle was netto aankopers van aandele ten bedrae van R2,8 miljard. In die vierde kwartaal van 1993 het die netto aankope van aandele deur nie-inwoners R0,9 miljard bedra. Hulle het ook voortgegaan om ander sekuriteite op die Johannesburgse Effektebeurs aan te koop. Nie-inwoners se netto aankope van effekte van die openbare sektor op die effektebeurs het in 1993 R1,5 miljard beloop. Dit het nie-inwoners netto aankopers van

Aandelepryse



sekuriteite ten bedrae van R4,3 miljard gemaak; in 1992 was hulle netto aankope slegs R0,3 miljard gewees, terwyl hulle in 1990 en 1991 netto verkopers van sekuriteite van R3,0 miljard en R2,1 miljard was.

In die *primère kapitaalmark* is daar reeds aan die grootste deel van die geskatte leningsbehoefte van die openbare sektor voldoen met die uitreiking van effekte van die openbare sektor ten bedrae van R16,0 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94. Gevolglik het leners in die openbare sektor in die vierde kwartaal van 1993 slegs R0,8 miljard deur middel van nuwe uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite opgeneem.

Die waarde van fondse wat deur genoteerde maatskappye deur nuwe uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite (met inbegrip van omskepbare voorkeuraandele en skuldbriefe) bekom is, het in die eerste twee kwartale van 1993 R0,1 miljard en R0,4 miljard bedra. Geen sodanige uitgifte is in die derde kwartaal gemaak nie, maar R0,3 miljard is weer in die vierde kwartaal opgeneem.

Die waarde van *regte-uitgifte van gewone aandele* deur maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, het in 1993 aansienlik gewissel. Nadat dit van R2,0 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R0,3 miljard in die tweede kwartaal afgeneem het, het hierdie regte-uitgifte weer in die derde kwartaal tot R2,0 miljard toegeneem alvorens dit in die vierde kwartaal tot R0,9 miljard afgeneem het. Die voortgesette sterk vraag na goeie gehalte papier en skerp stygende aandelepryse het uitgifte van aandelekapitaal vir sowel uitreikers as beleggers aantreklik gemaak. 'n Aantal

maatskappye het ook aangekondig dat hulle beplan om aandelekapitaal deur middel van regte-uitgifte te bekomen ten einde ontbondeling te vergemaklik.

In die verbandmark het die banke se totale besit aan verbandlenings geleidelik toegeneem van R78,5 miljard in Desember 1992 tot R92,9 miljard in Desember 1993. Die betreklik stagnante behuisingsmark gedurende die vierde kwartaal van 1993, en die besluit van sekere banke om nie langer verbandregistrasiekoste en waardasiefooie te dra nie, het onlangs tot gevolg gehad dat die gemiddelde maandelikse bedrag aan lenings wat deur banke uitbetaal is effens afgeneem het van R3,6 miljard in die derde kwartaal tot R3,5 miljard in die vierde kwartaal van 1993.

Die waarde van *transaksies in vaste eiendom* het met 3,2 persent afgeneem van R24,9 miljard in 1992 tot R24,1 miljard in 1993; die gemiddelde aantal transaksies in vaste eiendom het met 10,3 persent gedaal, terwyl die gemiddelde waarde van eiendomstransaksies met 'n beduidende 8,2 persent gestyg het. Die waarde van transaksies in vaste eiendom het in die tweede helfte van 1993 'n betekenisvolle ommekaer getoon, in ooreenstemming met 'n verbeterende ekonomiese, die verdere afname in rentekoerse en 'n verbeterde bekostigbaarheid. Nadat die waarde van transaksies in vaste eiendom van R6,1 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R5,7 miljard in die tweede kwartaal afgeneem het, het dit in die derde kwartaal tot R5,9 miljard en in die vierde kwartaal tot R6,4 miljard toegeneem.

Die *aangeleide markte* is gekenmerk deur lewendige bedrywigheid gedurende 1993, maar bedrywigheid het


veral in die vierde kwartaal skerp toegeneem. Die onderliggende waarde van transaksies in *termynkontrakte* het van 'n kwartaallike gemiddelde van R22,1 miljard in die eerste nege maande van 1993 tot R37,4 miljard in die vierde kwartaal toegeneem. Hierdie vlak was aansienlik hoër as die kwartaallike gemiddelde van R12,3 miljard in 1992 en R5,8 miljard in 1991. Kontrakte in aandeleindekse het in 1993 97,4 persent van die totale waarde van termynkontrakte verteenwoordig. Die onderliggende waarde van handel in *opsies* op indekstermynkontrakte het ook van 'n maandelikse gemiddelde van R345 miljoen in die derde kwartaal van 1993 tot R723 miljoen in die vierde kwartaal toegeneem.

In teenstelling met die uitsonderlik hoë vlak van bedrywigheid in termynkontrakte en opsies op indekstermynkontrakte, is die bedrywigheid op die Johannesburgse Effektebeurs se *Verhandelbare Opsiemark* teen Februarie 1994 nog nie weer hervat nie, nadat dit sedert Februarie 1993 heeltemal weggeval het.


Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Die gemiddelde maandelikse *opbrengskoers op langtermynstaatseffekte* wat opwaarts beweeg het van 13,9 persent in Oktober 1992 tot 15,0 persent in April 1993, het in die daaropvolgende maande weer redelik skerp gedaal tot 12,1 persent in Januarie 1994. Hierdie

Termynbeurstransaksies



Kapitaalmarkrente- en opbrengskoerse



aawaartse beweging was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die voortgesette sukses wat behaal is met die vermindering van inflasie, 'n daling in buitelandse rentekoerse en netto buitelandse aankope van binnelandse leningseffekte. Die daling in die opbrengskoers van langtermynstaatseffekte was aansienlik skerper as die daling in die inflasiekoeur; die *reële* opbrengskoers op staatseffekte het gevvolglik van 3,6 persent in April 1993 tot 2,5 persent in Desember 1993 afgeneem. In Februarie 1994 het die nominale opbrengskoers op langtermynstaatseffekte aansienlik verstewig tot 'n maandelikse gemiddelde van 12,6 persent as gevolg van buitelandse verkope van effekte, winsneming, 'n afname in die verwagtinge oor 'n verlaging in Bankkoers en onsekerheid rakende politieke ontwikkelings.

Die banke se *oorheersende koers op huisverbandlenings* is van 1 Maart 1993 met 0,75 persentasiepunte tot 16,0 persent en in November 1993 met 'n verdere 0,75 persentasiepunte tot 15,25 persent verlaag. Die koers op huisverbandlenings is derhalwe nou reeds met 5,5 persentasiepunte sedert die hoogtepunt van 20,75 persent in Februarie 1991 verlaag.

Die koers op *deposito's van twaalf maande* is van 15,5 persent aan die begin van 1992 tot 12,0 persent in Desember en verder tot 11,0 persent in Februarie 1993 verlaag. Sonder 'n gepaardgaande verhoging in die koers op huisverbandlenings, het sommige banke die koers op deposito's van twaalf maande in April weer tot 12,0 persent verhoog, terwyl ander hulle teen die middel van Mei gevolg het. In November 1993 is hierdie koers tot 11,0 persent en in Januarie 1994 weer tot 10,5 persent verlaag. Aangesien die verrekeningsbanke se oorheersende primakoers op oortrokke rekeninge gedurende November in dieselfde mate gedaal het, het die marge tussen die koers op deposito's van twaalf maande en die banke se oorheersende primakoers op 4,25 persentasiepunte gebly voordat dit in Januarie 1994 tot 4,75 persentasiepunte toegeneem het. Die koers op deposito's van twaalf maande het in Desember 1993 'n positiewe *reële* opbrengs voor belasting van 1,4 persent aan deposante gelewer.

Die skerp toename in aandelepryse het 'n afname in die gemiddelde *dividendopbrengskoers* van 3,51 persent in Desember 1992 tot 2,97 persent in September 1993 en daarna nog verder tot 2,36 persent in Januarie 1994 tot gevolg gehad. Die gemiddelde *verdienste-opbrengskoers* op alle klasse van aandele (uitgesondert goudmynaandele) het selfs meer beduidend afgeneem van 7,74 persent tot 6,91 persent en 5,50 persent oor dieselfde tydperke. Sodoende het die prys-verdienste-verhouding van 18,2 in Januarie 1994 weer nader aan die rekord hoogtepunt van 18,6 in September 1987 beweeg. Indien die diskonto op finansiële rand egter in berekening gebring word, het die prys-verdienste-verhouding vir nie-inwoners in Januarie 1994 slegs 13,8 bedra.

Die maksimum toelaatbare koers op *finansieringskoste* soos dit deur die Woekerwet vasgestel word, is met ingang van 24 Desember 1993 van 25 tot 23

persent verlaag in die geval van geldlenings, krediet- en bruukhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 (maar nie meer as R500 000), en van 28 tot 26 persent in die geval van bedrae tot en met R6 000. Dit het die totale verlaging in hierdie koers gedurende 1993 op 3,0 persentasiepunte te staan gebring.

Ander *langtermynrentekoerse* is ook gedurende die vyfmaande-tydperk tot Februarie 1994 verlaag. Die standaardrentekoers van toepassing op lenings deur die staat uit die Staatsinkomstefonds is op 1 November 1993 van 14,75 persent tot 13,5 persent, en in drie verdere stappe tot 12,5 persent op 1 Februarie 1994 verlaag. Die standaardrentekoers is met ingang van 1 Maart 1994 tot 13,25 persent verhoog. Nadat dit sedert 1 Julie 1989 onveranderd gebly het, is die voorgeskrewe rentekoers op sekere vonnisskulde met ingang van 1 Oktober 1993 met 3 persentasiepunte tot 15,5 persent verlaag. Die amptelike rentekoers, soos omskryf in die *Inkomstebelastingwet*, is met ingang van 1 Februarie 1994 met 1 persentasiepunt tot 14 persent verlaag.

Openbare finansies

Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die *leningsbehoefte van die openbare sektor* (die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde Sentrale Regering, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede en nie-finansiële owerheidsondernemings) het in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 R17,5 miljard bedra. Dit was R2,7 miljard laer as die vlak in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die leningsbehoefte van die openbare sektor van 8,1 persent in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1992/93 tot 6,2 persent in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 gedaal.


Die afname in die leningsbehoefte van die openbare sektor was deels te danke aan die feit dat die totale inkomste en oordragte wat deur die nie-finansiële owerheidsondernemings ontvang is hulle lopende en kapitale uitgawes en die netto toegestaande lenings oorskry het. Nog belangriker is dat die laer leningsbehoefte van die openbare sektor die gevolg was van 'n inkrimping in die *leningsbehoefte van die algemene owerheid* van R21,4 miljard in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1992/93 tot R18,9 miljard in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94, of met R2,5 miljard. Hierdie verbetering in die tekort voor lenings van die algemene owerheid is bereik as gevolg van 'n stadiger toename in die besteding as in die inkomste. Die besteding van die algemene owerheid het in die

eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 'n koers van toename van jaar tot jaar van 9,4 persent aangeteken, terwyl die koers van toename van jaar tot jaar in die inkomste 15,5 persent bedra het. Die besteding van die algemene owerheid in die tweede kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 sluit egter buitengewone oordragte ten bedrae van R5,8 miljard in. Indien hierdie oordragte van die syfers vir die eerste nege maande van die fiskale jaar 1992/93 uitgesluit word, sal algemene owerheidsbesteding in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 16,4 persent en die leningsbehoefte R3,3 miljard hoër wees as die aangepaste syfer vir die eerste nege maande van die voorafgaande jaar.

Al die verskillende vlakke van die algemene owerheid, met die opmerklike uitsondering van die buitebegrotingsinstellings, het in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 'n verbetering in die saldo's op hul inkomste- en bestedingsrekeninge aangeteken. As gevolg van 'n skerp toename in die tekort voor lenings en skuldaflossing van die TBVC-lande en die selfregerende state, het die leningsbehoefte van die buitebegrotingsinstellings in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 in totaal R0,3 miljard beloop; in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1992/93 het hierdie instellings se inkomste nog hulle besteding oorskry.

In teenstelling met hierdie ontwikkelinge, het die leningsbehoefte van plaaslike owerhede feitlik onveranderd gebly en het die surplus op die inkomste- en bestedingsrekeninge van provinsiale administrasies van R1,2 miljard in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1992/93 tot R1,6 miljard in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 toegeneem. Vanweë die feit dat die buitengewone oordragte na die Goud-en-buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreservewerekening en die staatsdienspensioenfondse in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1992/93 uit die Hoofbegroting gemaak is, het die tekort voor lenings en skuldaflossing op hierdie rekening in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 met R2,9 miljard afgeneem.


Leningsbehoefte van die openbare sektor



Skatkisrekening

Nadat die koers van toename van jaar tot jaar in *skatkisuitrekings* (na aansuiwing vir kontantvloeie, insluitende veranderings in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) van 12,7 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 tot 17,1 persent in die tweede kwartaal versnel het, het dit in die derde kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 16,2 persent beloop. Dit het die vlak van die skatkisuitrekings in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 te staan gebring op 15,4 persent bo die vlak wat in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar bereik is; in die Begroting vir die fiskale jaar 1993/94 in die geheel is 'n toename van 8,8 persent in die vooruitsig gestel. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het skatkisuitrekings in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 30,7 persent beloop, wat aansienlik

Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente



hoer is as die gemiddelde vlak van 27,5 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande vyf fiskale jare.

In Januarie 1994 het skatkisuitreikings in vergelyking met Januarie 1993, met slegs 1,0 persent toegeneem, wat die koers van toename van jaar tot jaar in hierdie uitreikings in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1993/94 op 14,2 persent te staan gebring het. Skatkisuitreikings was dus vir die eerste tien maande van die fiskale jaar 1993/94 gelyk aan 81,3 persent van die totale begrote besteding van R114,2 miljard vir die jaar in die geheel; hierdie verhouding is hoer as die 77,8 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar en ook hoer as die gemiddelde verhouding van 79,2 persent vir die eerste tien maande van die voorafgaande vyf fiskale jare.


Die koers van toename van jaar tot jaar in die skatkisontvangste (uitgesonderd die opbrengs uit privatisering) het van 13,0 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 tot 17,1 persent en 18,4 persent in die daaropvolgende twee kwartale toegeneem. Vir die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 het skatkisontvangste dus met 16,4 persent teenoor die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar toegeneem; hierdie koers van toename was aansienlik hoer as die koers van toename van jaar tot jaar van 4,5 persent in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1992/93. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het skatkisontvangste van 22,7 persent in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1992/93 tot 23,4 persent in die eerste nege maande van die fiskale jaar

1993/94 toegeneem.

In Januarie 1994 het die ontvangste wat deur die owerheid ingevorder is, hoofsaaklik as gevolg van 'n oorvloei van ontvangste wat reeds in die voorafgaande maand betaalbaar was, skerp toegeneem. Die koers van toename van jaar tot jaar in die skatkisontvangste het dienooreenkomsdig in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1993/94 'n vlak van 17,8 persent bereik, of effens bo die begrote toename van 17,3 persent vir die fiskale jaar in die geheel.

Soos in die bygaande tabel aangetoon word, was die betreklik goeie vertoning van die owerheidsinkomste die gesamentlike gevolg van die effens hoer-as-verwagte inkomste uit belasting op toegevoegde waarde en uit doeane- en aksynsregte, terwyl die ontvangste uit inkomstebelasting laer-as-verwag presteer het. Die opbrengs uit inkomstebelasting op maatskappye het in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar gedaal, wat waarskynlik verband hou met die lae vlak van ekonomiese bedrywigheid, die sloering in die invordering van die nuut-ingestelde belasting op uitgekeerde winste en die oorvloei van voorlopige belastingontvangste van Desember na Januarie wat heelwat groter was as in die voorafgaande jaar. Die ontvangste uit inkomstebelasting op individue was in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 ook aansienlik laer as die bedrag waarvoor begroot is, waarskynlik as gevolg van die laer-as-verwagte salaris- en loonverhogings. Inkomste uit doeaneegrete het egter die verwagtinge oortref as gevolg

Begrote en werklike staatsinkomste



Skatkisontvangste


Persentasieverandering

	Begroot vir die fiskale jaar 1993/94	Werklik vir die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94
Belasting op toegevoegde waarde	43,1	44,4
Inkomstebelasting	11,6	6,9
Maatskappye	1,0	-5,1
Individue	15,5	11,4
Doeane en aksynsregte	10,0	12,4
Doeaneheffing (ingesluit bobelasting)	5,9	13,9
Brandstofheffing	12,1	10,3
Aksynsbelasting	11,1	9,0

van die aansienlike verhoging in die waarde van die goedere-invoer.

Die tekort op die Skatkisrekening voor lenings en skuldaflossing het in die Desember-kwartaal van 1993 R5,4 miljard bedra. Die tekort in die eerste nege maande

Skatkistekort



Finansiering van die skatkistekort vir die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 volgens tipe lener

Sektor	R miljoene
Openbare Beleggingskommissarisse	7 145
Nie-monetäre private sektor	14 111
Monetäre instellings	1 964
Korporasie vir Openbare Deposito's	873
Ander monetäre instellings	1 091
Buitelandse sektor	-275
Totale bruto finansiering	22 945
Min: Diskonto op nuwe uitgigte van staatseffekte	2 527
Totale netto finansiering	20 418

van die fiskale jaar 1993/94 het derhalwe R20,4 miljard of 7,3 persent van die bruto binnelandse produk beloop; die begrote tekort vir die fiskale jaar in die geheel was R25,9 miljard, of R7,0 persent van die bruto binnelandse produk.

Die skatkistekort, insluitende die diskonto op nuwe staatseffekte, is in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1993/94 hoofsaaklik gefinansier deur fondse wat vanaf die Openbare Beleggingskommissarisse en vanaf die nie-monetäre private sektor bekom is. Ongeveer R2,0 miljard van die tekort is gefinansier uit fondse wat verkry is vanaf monetäre instellings as deel van die doelbewuste beleid van die owerhede om die uitgereikte bedrag van Skatkiswissels te verhoog ten einde die funksionering van monetäre beleid te verbeter.

As gevolg van 'n skerp toename in inkomste en die letwat laer uitbrekings in Januarie 1994, het die skatkistekort voor lenings en skuldaflossing in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1993/94 tot R18,7 miljard afgeneem. Die leningsinstrumente wat aangewend is om hierdie tekort te finansier, insluitende die diskonto op nuwe staatseffekte, was soos volg:

	R miljoene
Staatseffekte (diskonto ingesluit)	27 273
Skatkiswissels	1 657
Buitelandse lenings	-129
Nie-bemarkbare sekuriteite	-147
Toename in beskikbare kontantsaldo's (toename-, afname +)	-7 369
Totale bruto finansiering	21 285
Min: Diskonto op nuwe staatseffekte	2 601
Totale netto finansiering	18 684

Aansuiweringsbegroting

In sy aanbieding van die Aansuiweringsbegroting vir die fiskale jaar 1993/94 aan die Parlement in Desember 1993, het die Minister van Staatsbesteding aangedui dat

'n addisionele bedrag van R4 113 miljoen vir die huidige fiskale jaar beskikbaar gestel sal moet word. Die hersiene besteding vir die fiskale jaar 1993/94 is derhalwe R115,2 miljard; dit is nadat aansuiwerings gemaak is vir die verwagte terugstortings ten bedrae van R1,5 miljard, besparings van R0,5 miljard en addisionele besteding van R1,1 miljard, wat alreeds in die begrote bedrag van R114,2 miljard ingesluit is.

'n Makro-ekonomiese beskouing van die prysvormingsproses in die Suid-Afrikaanse ekonomie

deur C.J. Pretorius en M.M. Smal

1. Inleiding

Suid-Afrika gaan sedert die begin van die sewentigerjare gebuk onder betreklik hoë inflasie. In hierdie tydperk het inflasieverwagtings gevestig geraak en tot betreklik onlangs is algemeen aanvaar dat inflasie teen 'n koers van ongeveer 15 persent per jaar sal bly voortduur.

In 1989 het die Reserwebank sy voorname bekend gemaak om die inflasieprobleem daadwerklik te bekamp. Die Bank het toe die beskerming van die interne en die eksterne waarde van die rand as sy missie aanvaar. Die Bank het dit baie duidelik gestel dat sy toekomstige optrede gerig sal bly op die behoefte om finansiële stabilitet te verkry ten einde die inflasiekoers te verminder.

Aanvanklik het dit voorgekom asof die Bank se pogings weinig sukses opgelewer het. Inflasie het hoog gebly en by tye selfs hoër beweeg onder die aanslag van sekere prysverhogende eksogene skokke. Eers na 'n langdurige tydperk van volgehoue beperkende monetêre beleid het prysstygings begin afneem.

In sommige kringe is die lang tydsverloop in die reaksie van prysse op die beperkende beleid vertolk as 'n aanduiding van die ontoereikendheid van monetêre beleid. Só 'n sloering is egter heeltemal versoenbaar met 'n teoretiese model van die prysvormingsproses wat gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare deur die Departement Ekonomie van die Reserwebank ontwikkel is.

Die oogmerk met hierdie artikel is om die prysvasstellingsproses te beskryf, soos dit in die ekonomiese model van die Bank vervat is. Die ontwikkeling van hierdie teoretiese model word in afdeling 2 van die artikel weergegee. Die belangrikste veranderlikes van die model, wat oorwegend gegrond is op die verwagtings-aangepaste weergawe van die Phillipskromme, word kortliks in afdeling 3 bespreek. Die kwantifisering van die prysvormingsproses word deur middel van ekonomiese vergelykings in afdeling 4 uitgebeeld en in afdeling 5 word die prysvormingsproses met behulp van 'n vloeidiagram opgesom. Enkele ter sake dienende opmerkings oor die bekamping van inflasie, soos in die studie aan die hand gedoen word, word in afdeling 6 gemaak.

2. 'n Teoretiese model vir prysvasstelling

As uitgangspunt vir die beskrywing van die prysvormingsproses word aanvaar dat produksiepryse hoofsaaklik bepaal word as 'n vaste toeslag bo koste. Indien produksiepryse gedefinieer word as toegevoegde-waarde deflators en produksie self gedefinieer word

volgens die toegevoegde-waarde begrip van die nasionale inkome- en produkrekeninge, word arbeidskoste die belangrikste enkele koste-element. In ooreenstemming met hierdie vereenvoudiging word produksiepryse afgelei as 'n vaste toeslag bo arbeidskoste.

Die aandeel van arbeid in die totale waarde van produksie word gewoonlik deur die volgende wiskundige vergelyking voorgestel:

$$\alpha = \frac{WN}{Py} \quad (1)$$

waar W = nominale arbeidskoste (loon) per eenheid van arbeidsinset,
 N = aantal eenhede van arbeidsinsette,
 P = finale produkprys per eenheid van produksie, en
 y = die fisiese hoeveelheid van produksie.

Deur vergelyking (1) te hervangskik, kan produksiepryse geskryf word as die produk van 'n konstante toeslagfaktor en die koste van arbeid per eenheid van produksie:

$$P = \frac{1}{\alpha} \times \frac{WN}{y}$$
$$= mu \times ULC \quad (2)$$

waar $mu = \frac{1}{\alpha}$ = toeslagfaktor, en

$$ULC = \frac{WN}{y} = \text{die arbeidskoste per eenheid van produksie.}$$

'n Eenvoudige algebraïese hervangskikking van die vergelyking vir die arbeidseenheidskoste toon dat dit geskryf kan word as die kwosiënt van die geldloon en die gemiddelde arbeidsproduktiwiteit:

$$ULC = \frac{W}{y/N}$$
$$= \frac{W}{A} \quad (3)$$

Uit hierdie formulering volg dit dat die verhouding wat gewoonlik "reële arbeidseenheidskoste" ($\frac{WN}{y}$) genoem word, dieselfde is as die aandeel van arbeid in die totale nominale waarde van produksie ($\frac{W}{Py}$).

waar $A = y/N$ = gemiddelde produksie per eenheid van arbeidsinset, dit wil sê die gemiddelde arbeidsproduktiwiteit.

Deur vergelyking (3) in vergelyking (2) te vervang en die vergelyking te herskryf in terme van persentasieveranderings, word die volgende vergelyking vir produksieprysveranderings verkry:

$$\dot{P} = \dot{W} - A' \quad (4)$$

waar 'n kolletjie bo 'n veranderlike 'n persentasieverandering aandui.

Vergelyking (4) toon dat veranderings in finale produkpryse die netto resultaat is van veranderings in die loonkoerse verminder met veranderings in die gemiddelde arbeidsproduktiwiteit. Indien die groei in die geldlone die groei in die produktiwiteit oorskry, neem die produksiepryse toe. Omgekeerd sal die produksiepryse volgens vergelyking (4) daal indien die groei in die geldlone kleiner is as die produktiwiteitsgroe. Prysstabiliteit sal slegs gehandhaaf word as die groei in lone ooreenstem met die groei in produktiwiteit.

Die kan geredelik aanvaar word dat die reaksie van prysbepalers op veranderings in die geldloonkoerse sal verskil van hul reaksie op veranderings in die gemiddelde arbeidsproduktiwiteit. Op kort termyn is prysbewegings meer geneig om deur veranderings in die loonkoerse as deur veranderings in die produktiwiteitsvlakke oorheers te word.

Hoewel die waargenome arbeidsproduktiwiteit op kort termyn redelik drasties kan verander, is sulke veranderings gewoonlik van korte duur en word dit spoedig omgekeer. In teenstelling hiermee is die grondliggende veranderings in die arbeidsproduktiwiteit geneig om geleidelik plaas te vind namate die bestaande arbeidsmag nuwe vaardighede verwerf, produksieteknologie ontwikkel en bekwarne bestuur daarin slaag om die kostedoeltreffendheid van die produksieproses te verhoog.

Geldloonverhogings (net soos produktiwiteitsveranderings) is baie veranderlik gedurende die konjunktuursiklus, maar stygings in lone (in teenstelling met produktiwiteitsverhogings op kort termyn) word selde ongedaan gemaak deur latere afnames in geldlone. Loonverhogings neig dus om die uitwerking van produktiwiteitsverbeterings op prys op kort termyn te verswieg. Pogings om die gedrag van prysvasstellings op kort termyn te verklaar moet gevolglik baie meer op loonveranderings as op produktiwiteitsveranderings let.

'n Gewilde benadering om die veranderings in geldlone te verklaar vind sy oorsprong in Phillips se statistiese ontleding van die verwantskap tussen die veranderings in loonkoerse en werkloosheidskoerse in die Verenigde Koninkryk.² Die statistiese verwerkings van Phillips het op 'n regstreekse negatiewe verwantskap

tussen die koers van toename in geldlone en die werkloosheidskoers gedui. Hierdie verwantskap kan soos volg geformuleer word:

$$\dot{W} = f(u), f' < 0 \quad (5)$$

waar u die werkloosheidskoers en f' die eerste afgeleide van die funksionele verwantskap aandui.

Die oorspronklike verwantskap tussen die geldloonveranderings en die werkloosheidskoers, of die sogenaamde Phillipskromme, is allerweé vertolk as 'n spyskaart van beleidsopsies, wat beleidmakers toegelaat het om tussen verskillende kombinasies van koerse van loonverhogings en werkloosheidskoerse te kies. Volgens die Phillipskromme was minder werkloosheid moontlik, maar ten koste van vinniger looninflasie. In teenstelling hiermee kan ekonomiese met 'n voorkeur vir laer inflasie só 'n keuse uitoefen, maar dan moes 'n hoër werkloosheidskoers aanvaar word.

Die moontlikheid van 'n bestendige verruiling van loonverhogings vir werkloosheid, is nie deur ontwikkelings in die meeste nywerheidslande gedurende die sewentigerjare gestaaf nie. Die meeste van hierdie lande het 'n min of meer onveranderde werkloosheidsituasie gepaard met 'n wisselende inflasiekoers ondervind. Dit het die oorspronklike beskouing van die Phillips-verwantskap weerspreek dat die groei in die geldloon en werkloosheid op 'n eenduidige wyse met mekaar verband hou.

Ontwikkelings gedurende die sewentigerjare het 'n hersiening van die Phillipsverwantskap tussen lone en werkloosheid genoodsaak. Om toe te laat dat dieselfde werkloosheidskoers saam met verskillende inflasiekoerse kan voorkom, is aan die hand gedoen dat inflasieverwagtings as 'n verklarende veranderlike in die loonvasstellingsmodel bygevoeg word.³ Hierdie verwagtingsaangepaste weergawe van die model aanvaar dat 'n geldloonverhoging, wat vir werkers teen 'n gegewe werkloosheidskoers en inflasiekoers aanvaarbaar mag wees, heel waarskynlik onaanvaarbaar sal wees indien werkloosheid onveranderd bly, maar dit verwag word dat inflasie baie hoër as voorheen sal wees.

In Verdere teoretiese insig wat by die prysvasstellingsmodel gevoeg is om enkele tekortkominge uit te skakel, is dat die sogenaamde "volle indiensneming" van arbeid versoen kan word met 'n mate van onbenutte arbeidsbronre. Sulke werkloosheid is ten volle versoenbaar met ewewig in die goedere- en arbeidsmarkte en spruit voort uit onvermydelike wrywings in die werking van hierdie markte. Bereken as 'n persentasie van die totale arbeidsmag, word na hierdie werkloosheid as "natuurlik" verwys en na die gepaardgaande werkloosheidskoers as die "natuurlike werkloosheidskoers". Dit verskil van land tot land en word hoofsaaklik bepaal deur faktore soos die omvang van vakbondvorming in die geledere van die arbeidsmag, arbeidsmobiliteit, die koste

² Phillips, A.W.: "The relationship between unemployment and the rate of change in money wage rates in the U.K. 1861-1957", *Economica*, November 1958, pp. 283-299.

³ Sien Friedman, M.: "The role of monetary policy", *American Economic Review*, Maart 1968, pp. 1-17.

wat werksoekers moet aangaan vir die verkryging van inligting en die soektog na werkgeleenthede, die beskikbaarheid van werkloosheidsvoordele en ander faktore wat die produktiewe aanwending van alle arbeidsbronne aan bande kan lê. Die natuurlike koers word nie deur 'n korttermynstabiliseringssbeleid beïnvloed nie, maar kan wel beïnvloed word deur owerheidsbeleid wat op die strukture en die werking van die arbeidsmark gerig is, soos opvoedkundige programme, minimumloonwetgewing, werkloosheidsvergoeding, bestaansbeveiligingsprogramme, heropleiding van werklose persone en die beskikbaarstelling van arbeidsmarkinligting. Voortdurende inflasie sal moontlik ook die natuurlike koers van werkloosheid op 'n hoër vlak te staan laat kom, deur middel van die aftakelende uitwerking wat dit op die doeltreffende werkverrigting van 'n markekonomie het.

'n Loonvasstellingsmodel wat gegrond word op die standpunt dat werkers in ooreenstemming met produktiwiteitsverbeteringe vergoed word en met inagneming van die oorspronklike idees van Phillips, inflasieverwagtings en die hipotese van die natuurlike koers, kan algebraïes soos volg geskryf word:

$$W = a_1(u - u^*) + a_2A + a_3p^*, \quad a_1 < 0; \quad a_2, a_3 > 0 \quad (6)$$

waar u^* = natuurlike werkloosheidskoers, en

p^* = verwagte toekomstige inflasiekoers.

Al die ander simbole het dieselfde betekenis as voorheen.

Vergelyking (6) toon dat loonveranderings omgekeerd gekorreleerd is met die werkloosheidskoers (u). In die geval van lae vlakte van werkloosheid, of wanneer die werklike werkloosheidskoers laer is as die natuurlike koers ($u - u^* < 0$), sal toenames in geldlone hoër wees. Wanneer werkloosheid in tye van ekonomiese traagheid tot vlakte bo die natuurlike koers styg ($u - u^* > 0$), sal afwaartse druk waarskynlik op veranderings in geldlone uitgeoefen word. Ewewig in die arbeidsmark sal bereik word wanneer die werklike werkloosheidskoers gelyk is aan die natuurlike koers. In so 'n geval kan loonstygings steeds plaasvind as gevolg van toenames in arbeidsproduktiwiteit en voortgesette inflasieverwagtings.

Vergelyking (6) het as grondslag gedien vir die skatting van 'n empiriese funksie wat geldloonveranderings in Suid-Afrika verklaar. Ontoereikende gegewens met betrekking tot werkloosheid noodsak egter 'n geringe wysiging aan die werkloosheidsveranderlike. In navolging van Okun⁴ word aanvaar dat 'n regstreekse verwantskap bestaan tussen die werkloosheidskoers en die verskil of gaping tussen die potensiële totale produksie en die werklike totale produksie. Dit veronderstel dat 'n sekere produksievlek bestaan waar die gaping tussen die potensiële en die werklike produksie in ooreenstemming is met ewewig in die arbeids- en goederemarkte – 'n

sogenaamde "natuurlike produksiegaping". Die produksiegaping en die natuurlike produksiegaping vervang derhalwe die werkloosheidskoers en die natuurlike werkloosheidskoers in vergelyking (6).

Enkele interessante gevolgtrekkings kan op grond van hierdie loonvasstellingsmodel gemaak word. Indien aanvaar word dat arbeid ten volle beloon word vir produktiwiteitsverbeterings en ook ten volle vir verwagte inflasie vergoed word, is sowel a_2 as a_3 in vergelyking (6) gelyk aan een. Deur vergelyking (6) (met $a_2 = a_3 = 1$) in vergelyking (4) in te stel, word die volgende verwantskap verkry:

$$\dot{p} = a_1(G - G^*) + \dot{p}^*, \quad a_1 < 0, \quad (7)$$

waar G en G^* onderskeidelik die werklike en die "natuurlike" produksiegapings voorstel. Vergelyking (7) kan soos volg gewysig word:

$$\dot{p} - \dot{p}^* = a_1(G - G^*), \quad a_1 < 0. \quad (8)$$

Uit vergelyking (8) kan afgelei word dat pogings om die werklike produksiegaping standhoudend tot onder die natuurlike vlak⁵ te verlaag, sal vereis dat die werklike inflasie deurlopend hoër as die verwagte inflasie moet wees. Indien aanvaar word dat inflasieverwagtings uiteindelik gelyk aan die werklike inflasie sal wees, is 'n voortdurende versneling in die inflasiekoers nodig om te verseker dat die werklike produksiegaping standhoudend laer sal wees as die natuurlike vlak. Volgens die hipotetiese loonvasstellingsmodel is dit dus moontlik om hoër produksie- en indiensnemingsvlakte aan te moedig deur toe te laat dat inflasie versnel. Indien die verwagtingsvormingsproses egter sodanig is dat inflasieverwagtings uiteindelik dieselfde as die werklike inflasie sal wees, sal die produksiegaping weer eens vergroot en tot sy natuurlike vlak terugkeer, wat die ekonomie met 'n hoër inflasiekoers sal laat sonder om enige langdurige verbetering in die vlak van produksie en inkomte te bewerkstellig.

3. Die veranderlikes van die model

Die veranderlikes van die model word kortliks in hierdie afdeling beskryf. 'n Onderskeid word getref tussen die endogene veranderlikes (waarvan die waardes binne die raamwerk van die model bepaal word) en die eksogene veranderlikes (waarvan die waardes nie binne die raamwerk van die model bepaal word nie, maar wat 'n vername rol speel in die bepaling van die waardes van die endogene veranderlikes).


⁴ Okun, A.: *Potential GNP: Its measurement and significance*, Proceedings of the Business and Economic Statistics Section of the American Statistical Association, 1962.

⁵ Dit is gelykstaande aan die verlaging van die werkloosheidskoers tot onder sy natuurlike vlak, of die verhoging van die werklike produksie tot bo die vlak wat in ooreenstemming is met die volle indiensneming van arbeidshulpbronne.

Grafiek 1: Loon per werker en die inflasiekoers



Grafiek 2: Produksiepryse en die loon per werker



Endogene veranderlikes

Loon per werker

Die afhanglike veranderlike in die loonvergelyking is bereken as die persentasieverandering oor vier kwartale in die gemiddelde vergoeding per werker in die sektore buite die landbou, met uitsondering van die goudmynbousektor en die algemene owerheid. Totale arbeidsvergoeding is verkry uit gegewens oor die nasionale rekening, terwyl gegewens met betrekking tot indiensneming saamgestel is uit data wat deur die Sentrale Statistiekdiens vrygestel word. Die gemiddelde loon per werker is bereken deur die totale arbeidsvergoeding met die geskakte aantal werknelmers te deel.

Veranderings gedurende kalenderjare in die nominale arbeidsvergoeding per werker en die verbruikersprys-inflasie word in grafiek 1 getoon. Dit is veral betekenisvol dat die toename in die gemiddelde vergoeding per werker in die private sektor in bykans elke jaar sedert die vroeë sestigerjare hoër as inflasie was.

Produksiepryse

Die deflator vir die bruto toegevoegde waarde in die sektore buite die landbou, met die uitsondering van die algemene owerheid en die goudmynbousektor, is gebruik as die beste aanwyser vir produksiepryse. Skattings van die toegevoegde-waarde deflator is bereken uit gegewens oor die nasionale rekening en word uitgedruk as die verhouding van die toegevoegde waarde teen heersende faktorkoste tot die toegevoegde waarde teen 1985-faktorkoste.


Soos vroeër genoem, word produksiepryse in die model bepaal as 'n toeslag bo koste. Vir die doeleindes van die loon-prysmodel is aanvaar dat arbeidskoste in die algehele kostestruktuur van Suid-Afrika se produktiewe sakesektor oorheersend is. Hierdie aanname word bevestig deur grafiek 2 wat die betreklik noue verwantskap tussen veranderings in arbeidseenheidskoste en produksiepryse toon.

Verbruikerspryse

Die afgeleide deflator vir private verbruiksbesteding is 'n alternatiewe aanwyser vir die algemene vlak van verbruikerspryse. Die afgeleide deflator verskil van die verbruikersprysindeks in die opsig dat dit op die hele ekonomie en nie net die stedelike gebiede betrekking het nie, en dat dit 'n geweegde indeks is met gewigte wat voortdurend aanpas namate bestedingspatrone verander in plaas van die vastegewigstruktuur van die verbruikersprysindeks. Die verandering oor vier kwartale in hierdie afgeleide deflator word gelyk gestel aan inflasie. Die deflator is bereken deur die private verbruiksbesteding, soos dit in die nasionale rekening teen heersende prys geraam word, te deel met die private verbruiksbesteding teen 1985-pryse geraam.

Soos in grafiek 3 aangedui word, het die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die sestigerjare 'n betreklike groot mate van prysbestendigheid ervaar met enkelsyferinflasie wat tot in 1973 aan die orde van die dag was. Inflasie het in 1974 dubbelsyferafmetings begin aanneem en het sedertdien op 'n betreklik hoë vlak gebly.

Grafiek 3: Die inflasiekoers



Grafiek 4: Verandering in arbeidsproduktiwiteit



Eksogene veranderlikes

Arbeidsproduktiwiteit

Die persentasieverandering oor vier kwartale in die produksie per werker in die sektore buite die landbou, met die uitsondering van die algemene owerheid en die goudmynhousektor, is gebruik as 'n aanwyser vir die groei in arbeidsproduktiwiteit. Die reële bruto binnelandse produk teen faktorkoste is gebruik as 'n aanwyser vir produksie, terwyl indiensnemingstatistiek in die sektore buite die landbou saamgestel is uit gevawens wat deur die Sentrale Statistiekdiens vrygestel word.

Die gemiddelde arbeidsproduktiwiteit, dit wil sê die vlak van produksie per eenheid van arbeid, verander saam met die konjunktuur. Grafiek 4 toon dat die produksie per werker geneig is om ten minste gedurende die vroeë stadiums van tydperke van ekonomiese inkrimping te dal en dat dit toeneem gedurende die gevorderde stadiums van 'n langdurige inkrimping en sodra 'n oplewing begin. Dit kan toegeeskryf word aan die feit dat sakeondernemings huiwerig is om werkers af te dank wanneer produksie daal, aangesien die daling in die produksie net tydelik mag wees. Dit was veral die geval toe stramhede in die arbeidsmark die beweeglikheid van arbeid in die land ernstig gekortwiek het.

Ekonomiese teorie veronderstel 'n hoë mate van interafhanklikheid tussen lone en produktiwiteit. Loongroei weerspieël produktiwiteitsgroei, terwyl produktiwiteit self ook deur die loonvlak beïnvloed kan word. Die wet van dalende grensopbrengs, ingevolge waarvan opeenvolgende eenhede van indiensgeneemde

arbeid tot opeenvolgende dalende opbrengste aanleiding gee, dien as 'n riglyn vir werkgewers wat hul winste wil maksimaliseer. Teen 'n gegewe loonvlak sal addisionele arbeidseenhede in diens geneem word totdat die grensproduktiwiteit van die laaste indiensgeneemde eenheid gelyk is aan dieloon wat betaal word.

Produksiegaping


Die gaping tussen die potensiële bruto binnelandse produk en die werklike bruto binnelandse produk⁶ word as 'n aanduiding van die onderbenutting van produktiewe hulpbronne gebruik. Die gemiddelde produksiegaping oor die steekproeftydperk gee 'n aanduiding van die natuurlike werkloosheidskoers. Die verskil tussen die werklike produksiegaping en die natuurlike vlak word as 'n verklarende veranderlike in die loonvergelyking gebruik.

Wanneer die produksiegaping onder die natuurlike vlak daal, dui dit op opwaartse druk op lone, terwyl 'n produksiegaping bo die natuurlike vlak die bestaan van oorskotkapasiteit en die afwesigheid van opwaartse druk op lone aandui.


Die omgekeerde verwantskap tussen dieloon per werker in die private sektor en die verskil tussen die produksiegaping en sy natuurlike vlak word in grafiek 5

⁶ Vir 'n beskrywing van die berekening van die potensiële bruto binnelandse produk, sien De Jager, B.L. en Smal, M.M.: "Die potensiële bruto binnelandse produk van Suid-Afrika", *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Reserwebank*, Desember 1984.

Grafiek 5: Loon per werker en die produksiegaping



Grafiek 6: Die inflasiekoers en veranderings in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand



voorgestel. Toenemende groei in die loon stem grootliks ooreen met die hoër kapasiteitsbenutting en 'n stadiger groei in die loon gaan met toenemende onderbenutting van die produksiepotensiaal gepaard.

Inflasieverwagtings

Inflasieverwagtings in enige bepaalde tydperk kan op verskeie metodes geraam word. Een metode is om werklike inflasie in die verlede as 'n aanwyser vir die toekomstige inflasiekoers te gebruik. Andersins kan 'n geweegde gemiddelde van die werklike inflasiekoerse in 'n aantal tydperke beskou word as 'n raming van wat redelikerwys van inflasie in die toekoms verwag kan word. Die rationele verwagtingsmodel veronderstel dat die verwagte inflasiekoers in enige tydperk gegrond is op alle inligting wat op daardie tydstip vir besluitneming beskikbaar is. Hierdie inligting kan die prestasies van die ekonomiese in die verlede en die verwagtings aangaande toekomstige beleid wat moontlik deur die owerhede in werking gestel kan word, insluit. Hierdie benadering veronderstel dat beleidmakers ooreenkomsdig duidelik omskreve beleidsreëls optree wat ten volle deur besluitnemers in die private sektor verstaan word. Veranderings in uitgesoekte sleutelveranderlikes, soos die geldvoorraad, rentekoerse, wisselkoerse en die begrotingstekort, kan beskou word as beleidsaanwysers wat inflasieverwagtings beïnvloed. 'n Kwantiteitsteoriebenadering word in hierdie ontleding aanvaar en inflasieverwagtings word deur die groei in die M3-geldvoorraad en veranderings in die omvang van produksie verklaar. Voorsiening word ook gemaak vir die moontlike uitwerking van veranderings in

invoerpryse op toekomstige inflasie en die invloed van historiese inflasie op verwagte inflasie.

Invoerpryse


Die deflator vir die invoer van goedere en nie-faktordienste word as aanwyser van die prys van ingevoerde produkte gebruik. Veranderings in die wisselkoers van die rand teenoor ander geldeenhede speel 'n belangrike rol in die verklaring van binnelandse prysveranderings, hoofsaaklik vanweé die beïnvloeding van die prys van ingevoerde goedere.

Grafiek 6 toon die verwantskap tussen die verbruikersprys-inflasiekoers en die veranderings in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand. Kruiskorrelasietoetse dui daarop dat binnelandse prysveranderings die veranderings in die wisselkoers met 'n tydsloering van 3 tot 4 maande volg. Die gesloerde reaksie van verbruikersprysinflasie op veranderings in die wisselkoers word vir die grootste deel van die tagtigerjare duidelik in hierdie grafiek weerspieël. Hierdie verwantskap het sedert ongeveer 1989 vervaag toe wisselkoersbewegings beduidend minder onbestendig geword het en binnelandse prys meesal deur ander faktore beïnvloed is.

Geadministreerde pryse

In grafiek 7 word toenames in geadministreerde pryse met algemene verbruikersprysinflasie vergelyk. Oor die algemeen het geadministreerde pryse geneig om ietwat

Grafiek 7: Die inflasiekoers en veranderings in gadministreerde pryse



stadiger as die prys van totale verbruikersgoedere en -dienste te styg.

Die groter vertroue op markkragte in amptelike ekonomiese besluitneming wat tydens die tagtigerjare posgevat het, het aanleiding gegee tot 'n afname in die belangrikheid van gadministreerde prys in die totale verbruikersprysindeks van 24,6 persent in 1981 tot 10,8 persent in 1992. Die belangrikheid van amptelik vasgestelde prysveranderings het dus met verloop van tyd verminder. Prysveranderings word gevvolglik tans meer deur markkragte beïnvloed as voorheen en daar kan geredelik verwag word dat prys 'n groter reaksie op beleidsmaatreëls, wat op die herstel van finansiële bestendigheid gerig word, sal toon.

Vergoeding van owerheidswerknemers

Die loonvasstellingsproses word beïnvloed deur die formele en informele vergelyking deur werkers van hul eie lone met die lone van werkers in ander sektore van die ekonomie. Die salarisverhogings van staatsdiens-amptenare word dikwels as 'n formele riglyn gebruik in die bepaling van salarisverhogings van individue wat soortgelyke take in die private sektor verrig. Daarenteen word die vergoeding van werknemers in die private sektor dikwels in die loon- en salarisvasstelling van die owerheidsektor gebruik. Vergelykings word ook op 'n informele grondslag deur sowel werkgewers as werknemers gedoen om 'n gesikte verwysingsraamwerk vir die vasstelling van loonvlakte daar te stel.


Gegewens uit die nasionale rekeninge is gebruik as 'n grondslag vir die berekening van die gemiddelde vergoeding van owerheidswerknemers en van werk-

Tabel 1
Vergoeding van werknemers en die inflasiekoers

	70-90 %	80-90 %	85-92 %
Toename in vergoeding van werknemers:			
Algemene owerheid	14,3	17,4	16,9
Private sektor.....	14,1	16,2	15,2
Inflasiekoers	12,4	14,6	15,3

nemers in die private sektor. Die gemiddelde toename in die vergoeding van werknemers in die algemene owerheidsektor en in die private sektor word in tabel 1 met die inflasiekoers vir drie tydperke vergelyk. Die gegewens toon dat toenames in die vergoeding van werknemers in die owerheidsektor sedert 1970 hoër was as die inflasiekoers en die stygings in die gemiddelde salaris en lone van werknemers in die private sektor. Die jaarlikse veranderings in die vergoeding van werknemers in die owerheidsektor toon groter fluktuasies as die veranderings in die vergoeding in die private sektor. Salarisaanpassings in die owerheidsektor is in sommige jare laer as die inflasiekoers, maar dit word dikwels in die daaropvolgende jare gevvolg deur aanpassings wat heelwat hoër as die inflasiekoers is.

Grafiek 8: Netto indirekte belastings en die inflasiekoers



Netto indirekte belastings

Netto indirekte belastings word om tegniese redes in die model ingesluit. Die pryse van eindprodukte word in die model afgelei van totale wat in die nasionale rekening voorkom en wat teen faktorkoste bereken is, dit wil sê wat netto indirekte belastings uitsluit. Hier teenoor sluit verbruikerspryse alle indirekte belastings in wat by produksiekoste getel word. Indien aanvaar word dat eindgebruikerspryse deur produksiekoste bepaal word, behoort daar in die prysvergelyking uitdruklik voorsiening gemaak te word vir die uitwerking van netto indirekte belasting op verbruikerspryse.

Grafiek 8 toon dat die netto indirekte belastings, dit wil sê die indirekte belastings verminder met die subsidies per eenheid van fisiese produksie gedurende die tydperk van 1970 tot 1989, teen 'n heelwat vinniger koers as die inflasiekoers toegeneem het. Sedert 1990 het 'n ommeker in hierdie neiging plaasgevind en was toenames in die netto indirekte belastings heelwat laer as die inflasiekoers. Die betreklik groot stygings wat gedurende 1982, 1984 en 1989 voorgekom het, kan deels aan toenames in die algemene verkoopbelastingkoers gedurende daardie jare toegeskryf word, terwyl die stygging in 1988 aan die instelling van die brandstofheffing toegeskryf kan word.

4. Statistiese skatting van loon- en prysvergelykings

In hierdie afdeling word die resultate van die statistiese skatting van die teoretiese model bespreek. Gewone kleinste kwadrate skattungstegnieke is toegepas en die t-waardes van die geskakte koëffisiënte, asook die volgende opsommende statistieke, word getabelleer:

\bar{R}^2 = Aangepaste bepaaldheidskoëffisiënt;

D-W = Durbin-Watson d-statistiek;

RHO = Outokorrelasiekoëffisiënt.

Kwartaallikse gegewens is gebruik en die skattings-tydperk word ook aangedui.

Lone in die private sektor

Die afhanklike veranderlike in die loonvergelyking is die persentasieverandering oor vier kwartale in die gemiddelde nominale vergoeding per werker in die sektore buite die landbou, uitgesonderd die goudmynbousektor en die algemene owerheid, en word deur W_p aangedui. Die volgende verklarende veranderlikes is in die vergelyking ingesluit:

- die verskil tussen die produksiegaping (gemeet as 'n persentasie van die produksievermoë) en die gemiddelde

produksiegaping oor die steekproeftydperk (gemeet as 'n persentasie van die produksievermoë) ($u=G-G^*$);

- die persentasieverandering oor vier kwartale in die reële produksie per werker in die sektore buite die landbou, uitgesonderd die algemene owerheid en die goudmynbousektor (\dot{A});
- inflasieverwagtings, gegrond op veranderings in die afgeleide deflator vir private verbruiksbesteding (p^e); en
- 'n fopveranderlike (fv) wat gebruik word om die instelling en die bestaan van vakbonde in die arbeidsmark sedert 1980 te toon, met 1980.I tot 1992.IV = 1,0 en 0 andersins.⁷

Die geskakte loonvergelyking is soos volg:

$$\hat{W}_p = 0,89 \cdot p^e - 0,55 \cdot (0,25 \sum_{i=0}^3 u_i - 9,3) + 0,60 \cdot \dot{A} + 2,87 \cdot fv$$

(17,43)	(5,26)	(6,06)	(3,22)
---------	--------	--------	--------

$$\bar{R}^2 = 0,45$$

$$D-W = 1,70$$

$$RHO = 0,48$$

Skattings-tydperk: 1970.I tot 1992.IV

Die betreklik lae \bar{R}^2 -waarde kan toegeskryf word aan die feit dat die afhanklike veranderlike, dit wil sê die persentasieverandering in lone oor vier kwartale, aan groot wisseling onderhewig is.

Aangesien al die veranderlikes, behalwe die fopveranderlike, as persentasieveranderings uitgedruk word, kan die geskakte koëffisiënte as elastisiteite vertolk word. Die koëffisiënte toon derhalwe die persentasieverandering in die nominale loon wat verwag kan word as gevolg van 'n verandering van een persent in die betrokke verklarende veranderlike. Die grootte van die koëffisiënt van die fopveranderlike dui daarop dat vakbonde baie suksesvol was om die koers van loontoenames te laat versnel. Sedert die bestaan van vakbonde vir swart werkers aan die begin van die tagtigerjare deur wetgewing gemagtig is, het die gemiddelde koers van toename in die geldloon met ongeveer 2% persentasiepunte per jaar gestyg.

Produktiwiteitsgroei is na behore in berekening gebring by die geldloongroei gedurende die skattings-tydperk. Gedurende die tydperk sedert 1970 is arbeid vir produktiwiteitstoenames naastenby in verhouding tot die aandeel daarvan in die waarde van produksie vergoed – ongeveer 60 persent van die toename in produktiwiteit is toegewys aan die groei in die geldloon. Dit dui op 'n konstante verdeling van inkome tussen arbeid en kapitaal oor die lang termyn.

⁷ Die stabilitet van die geskakte vergelyking gedurende die hele tydperk was die belangrikste rede vir die insluiting van die fopveranderlike. Kyk na die afdeling onder die opskrif "Toetsse vir struktuurveranderings" wat volg.

Volgens die geskatte vergelyking behoort opwaartse loondruk na vore te kom as onbenutte produktiewe kapasiteit afneem tot 'n vlak laer as 9,3 persent van die totale produksievermoë. Wanneer onbenutte produksievermoë gelyk is aan 9,3 persent van totale produksievermoë, sal loonveranderings nie meer deur oormatige vraagdruk beïnvloed word nie. In sulke omstandighede sal die geldloongroei bepaal word deur ander faktore, soos inflasieverwagtings, produktiwiteitsgroei en die bedingsmag van vakbone. Teen hierdie koers van onbenutte produksievermoë, sal looninflasie nie toeneem as gevolg van oormatige vraag nie en sal dit ook nie afneem as gevolg van ontoereikende vraag nie. Die geskatte vergelyking stem dus ooreen met die teorie van 'n nie-versnellende inflasiekoers van werkloosheid (NAIRU), met die implikasie dat daar op kort termyn 'n veruiling is tussen hoër looninflasie en laer onbenutte produksievermoë, maar dat inflasie oor die lang termyn die enigste blywende gevolg van so 'n beleid van vraagbestuur is.

Die geskatte loonvergelyking verteenwoordig ook 'n baie ongunstige veruiling tussen onbenutte produksievermoë en looninflasie op kort termyn. Volgens hierdie resultate sal onbenutte produksievermoë tot ongeveer 18,4 persent van die totale produksievermoë moet toeneem ten einde geldloongroei met 5 persentasiepunte te verminder. Dit beteken dat 'n baie ernstige resessie nodig is om die koers van toename in die geldloon beduidend te verminder as ander kragte wat laer loongroei bevorder nie aanwesig is nie.

Die geskatte vergelyking bevestig ook dat inflasieverwagtings 'n belangrike rol in die loonvasstellingsproses speel. Met alle ander faktore onveranderd, sal verwagte inflasie van 10 persent per jaar waarskynlik lei tot 'n toename in die geldloon van ongeveer 9 persent per jaar. Hierdie gevoeligheid van die veranderings in die geldloon op inflasieverwagtings, tesame met die betreklike stramheid van lone om op traie vraagtoestande en 'n stygende produksiegaping te reageer, toon dat pogings om inflasie deur middel van ortodokse vraagbeperkende beleid te bekamp baie duur mag wees as dit aan produksie- en indiensnemingsverliese gemeet word, veral as die beleid nie konsekwent toegepas word nie. Indien beleidsmaatreëls nie as geloofwaardig beskou word nie, sal inflasieverwagtings waarskynlik nie na wense aanpas nie en sal ekonomiese bedrywigheid beduidend moet afneem ten einde die nodige resultate te verkry. 'n Konsekwente konserwatiewe monetêre beleid is gevoldig nodig om beleidsgeloofwaardigheid en om prysbestendigheid teen die laagste koste vir die land te herstel, soos gemeet aan verlore werkgeleenthede en laer produksie.

Die prysfunksies

Die model onderskei tussen 'n produksieprysfunksie en 'n verbruikersprysfunksie.

Die produksieprysfunksie

Die vergelyking vir produksiepryse is 'n lineêre benadering van die toeslagverwantskap tussen produksiekoste en

produksiepryse. Arbeidskoste en die koste van ingevoerde goedere word uitgesonder as die belangrikste koste-elemente wat produksiepryse beïnvloed. Die netto indirekte belastingbetalings deur produsente is egter nie op hierdie stadium van die prysvormingsproses in aanmerking geneem nie, omdat die deflators vir toegevoegde waarde van die totale teen faktorkoste uit die nasionale rekeninge afgelei word. Die koste van goedere en dienste wat deur die instellings in die openbare sektor en die openbare korporasies gelewer word, word saamgevat deur die insluiting van die gemiddelde loonkoste van werkemers van die algemene owerheid.

Die deflator vir die bruto toegevoegde waarde in die sektore buite die landbou, met die uitsondering van die algemene owerheid en die goudmynbousektor, word gebruik as die afhanklike veranderlike en as 'n benaderde waarde vir produksiepryse (p_p). Die verklarende veranderlikes is:

- die deflator vir verbruiksbesteding deur die algemene owerheid (vergoeding van werkemers), wat gebruik word as 'n benaderde waarde vir die koste van algemene owerheidsdienste (w_o);
- die gemiddelde loon per werker in die sektore buite die landbou, uitgesonderd die algemene owerheid en die goudmynbousektor, wat as 'n benaderde waarde vir arbeidseenheidskoste in die private sektor (w_p) gebruik word; en
- die prys van ingevoerde goedere en dienste (p_i).

Die geskatte funksie is soos volg:

$$p_p = 0,05 + 0,84 \cdot (0,8 \cdot w_o + 0,2 \cdot w_p) + 0,14 \cdot p_i$$

(7,95) (44,53) (5,23)

$$\bar{R}^2 = 0,99$$

$$D-W = 1,94$$

$$RHO = 0,65$$

Skattingsydperk: 1970.I tot 1992.IV

Die verbruikersprysfunksie

Die vergelyking wat die verwantskap tussen verbruikerspryse en produksiepryse beskryf, maak uitdruklik voorstelling vir die regstreekse uitwerking van die prys van ingevoerde goedere en geadministreerde prys op verbruikerspryse vir eindprodukte. Die afhanklike veranderlike in die verbruikersprysfunksie is die afgeleide deflator vir private verbruiksbesteding (p_p). Die veranderlikes wat gebruik word om verbruikerspryse te verklaar, is:

- geadministreerde prys (p_a), vermenigvuldig met die aandeel van die geadministreerde prys in die verbruikersprysindeks (wp_a);
- produksiepryse (p_p); en

- die pryse van ingevoerde goedere en dienste (p_i), vermenigvuldig met die aandeel van ingevoerde pryse in die verbruikersprysindeks (wp_i).

Die geskatte funksie is soos volg:

$$p_v = wp_a \cdot p_a + wp_i \cdot p_i - 0,08 + 0,83 \cdot p_o$$

$$(3,08) \quad (51,96)$$

$$\bar{R}^2 = 0,97$$

$$D-W = 1,78$$

$$RHO = 0,90$$

Skattingstydperk: 1975.I tot 1992.IV

Vergelyking vir inflasieverwagtings

Die inflasieverwagtingsveranderlike is gegrond op die persentasieverandering oor vier kwartale in die afgeleide deflator vir private verbruiksbesteding (\dot{p}^i). Die verklarende veranderlikes wat 'n rol speel, is:

- die groeikoers oor vier kwartale in die M3-geldvoorraad per eenheid van produksie (My),
- die persentasieverandering oor vier kwartale in die prys van ingevoerde goedere (\dot{p}_i); en
- die inflasiekous in die voorafgaande tydperk (\dot{p}).

Die geskatte funksie is soos volg:

$$\dot{p}^i = 0,04 \cdot My_2 + 0,04 \cdot \dot{p}_i + 0,93 \cdot \dot{p}_1$$

$$(1,86) \quad (3,01) \quad (39,60)$$


$$\bar{R}^2 = 0,95$$

$$D-W = 2,38$$

Skattingstydperk: 1961.IV tot 1992.IV

Volgens hierdie hipotese word die verwagtingsvormingsproses deur die voorafgaande inflasie oorheers. Die geskatte vergelyking bevestig dat dit onwaarskynlik is dat

Grafiek 9: Reaksie van inflasieverwagtings op beperkende monetêre beleid



verwagtings vinnig sal reageer op 'n afname in monetêre groei. Indien monetêre groei van 15 persent per jaar tot 5 persent per jaar afneem, sal die verwagte inflasiekous op kort termyn na verwagting met slegs 0,4 persentasiepunte verminder. Die verdere verlaging van verwagtings sal geleidelik plaasvind en die deurvoer-effek wat tot laer geldloonskikkings lei, sal waarskynlik ook 'n lang uitgestrekte proses wees. Sodra 'n geloofwaardige beleid egter ingeburger is en bewyse van 'n beduidende verlaging in inflasie sigbaar word, kan inflasieverwagtings aansienlik vinniger afneem. 'n Streng monetêre beleid moet vir 'n redelike lang tydperk nagevolg word ten einde 'n blywendie uitwerking op diep gewortelde inflasieverwagtings te hê. 'n Vinnige reaksie van inflasieverwagtings op 'n beperkende monetêre beleid sal waarskynlik die gebruik

Tabel 2
Pasgehalte (bepaaldheidskoëfisiënt) van die funksies

Funksie	Skattingstydperk						
	1970 - 1980	1970 - 1982	1970 - 1984	1970 - 1986	1970 - 1988	1970 - 1990	1970 - 1992
Vergoeding in die private sektor..	0,454	0,577	0,520	0,413	0,387	0,361	0,357
Produksiepryse	0,993	0,991	0,987	0,992	0,995	0,997	0,997
Verbruikerspryse*	0,983	0,991	0,979	0,986	0,984	0,989	0,986
Inflasieverwagtings	0,779	0,828	0,818	0,844	0,846	0,847	0,857

* Die skattingstydperk begin by 1975.

van onortodoxe metodes vereis om besluitnemers in die private sektor, veral diegene betrokke by die arbeidsmark, aan te moedig om die wyse te verander waarop hulle verwagtings van toekomstige prystoenames formuleer.

Grafiek 9 stel 'n enkelvergelyking-simulasie van die reaksie van inflasieverwagtings op beperkende monetêre beleid voor. In die standaardsimulasie word aanvaar dat die monetêre groei teen 15 persent per jaar sal voortduur. Dit verseker dat die verwagte inflasie ongeveer 13 persent per jaar sal beloop. In die alternatiewe simulasie is aangeneem dat die groei in die geldvoorraad standhouend tot 5 persent verminder word, wat 'n inflasiekoers van ongeveer 3 persent oor die lang termyn impliseer. Die alternatiewe simulasie dui daarop dat inflasieverwagtings eers na verloop van vier jaar (sestien kwartale) van 13 persent tot ongeveer 5 persent sal afneem.

Toetse vir struktuurveranderings

Ten einde die stabiliteit van die geskatte vergelykings te toets, is regressies oor verskillende skattingsydperspekte uitgevoer. Die enigste funksie wat 'n merkbare verswakkings in die bepaaldheidskoëfisiënt getoon het, was die funksie vir vergoeding in die private sektor (sien tabel 2).⁸

Quandt- en Chow-toetse⁹ is op al die funksies uitgevoer om vir struktuurveranderings te toets. Hiervolgens is vasgestel dat daar slegs gedurende 1980 'n struktuurverandering in die loonfunksie voorgekom het. Sedert 1980 was die gemiddelde koers van loonveranderings beduidend hoër as voorheen. 'n Moontlike rede hieroor is dat die vakbonde sedert 1980 'n belangrike rol in loononderhandelings gespeel het. Die Wiehahn-verslag¹⁰ wat voorgestel het dat die deelname van swart vakbonde aan die onderhandelingsproses gewettig moet word, is in 1979 vrygestel en hierdie voorstelle is in 1980 deur die regering aanvaar en geïmplementeer. 'n Fopveranderlike is derhalwe in die loonfunksie ingesluit (soos in die voorafgaande beskrywing van die loonvergelyking genoem is) en die funksie se bepaaldheidskoëfisiënt het tot 0,45 verbeter.

5. Vloeidiagram van die prysvormingsproses in die model van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

'n Vloeidiagram van die prysvormingsmodel verskyn in die diagram. Die ingekleurde dele dui op veranderlikes wat in 'n groot mate deur die owerhede beïnvloed kan word.

Die syfers tussen hakies is die beta-koëfisiënte¹¹ wat uit die regressie-ontleding verkry is. Hierdie koëfisiënte dui op die verandering in die afhanglike veranderlike in reaksie op 'n eenheidsverandering in elke verklarende veranderlike, wanneer alle ander veranderlikes onveranderd bly.

Die diagram toon dat inflasieverwagtings hoofsaaklik gegronde word op die jongste inflasiekoers (90,5 persent van die vorige inflasie word deurgevoer na die huidige verwagte inflasiekoers) en hierdie inflasieverwagtings word op hul beurt as die belangrikste verklarende veranderlike in die loononderhandelingsproses in die private sektor beskou (37,4 persent van die variasie in nominale lone word deur die prysverwagtingsveranderlike verklaar). Lone in die private sektor word as die belangrikste komponent (69,4 persent) in die vasstelling van produksiepryse beskou. Veranderings in produksiepryse dra op hul beurt grootliks by tot veranderings in verbruikerspryse (84,0 persent).

Soos hierbo beskryf kan sekere veranderlikes in die prysvormingsproses regstreeks of onregstreeks deur die owerhede beïnvloed word om inflasie te bekamp. Onder andere kan die groei in die geldvoorraad beïnvloed word deur aanpassings in die monetêre beleidsinstrumente, soos byvoorbeeld die Reserwebank se diskontokoers. 'n Depresiasijsie van die rand teen 'n mandjie van ander geldeenheide as gevolg van beleidsoptrede sal lei tot 'n toename in die koste van ingevoerde goedere en gevoldlik tot 'n toename in die binnelandse prysvlak. Indien die monetêre owerhede daarin sou slaag om 'n bestendige wisselkoers te handhaaf, sal die invloed van die prys van ingevoerde goedere op die binnelandse prysvlak beperk word tot slegs die omvang van inflasie in Suid-Afrika se handelsvennootlande. Die owerhede kan ook poog om die toenames in geadministreerde pryse te beveel en om stygings in die salaris van staatsamptenare tot onder die huidige inflasiekoers te beperk. Só 'n beleid kan egter nie altyd aanbeveel word nie, aangesien dit ongewenste resultate kan oplewer, wat uit die onbedoelde verwringing van relatiewe pryse voortspruit.

Die beta-koëfisiënte dui daarop dat inflasieverwagtings en toenames in die vergoeding van werknemers die belangrikste verklarende veranderlikes in die prysvasstellingsproses is. Volgens hierdie koëfisiënte word loonskikkings hoofsaaklik gegronde op inflasieverwagtings en in 'n mindere mate op die vraag en aanbod in die arbeidsmark. Verwagte prystoenames word gedurende die loonvasstellingsproses in aanmerking geneem en inflasie word dus in werklikheid voortgeplant hoofsaaklik vanweë die verwagting dat dit sal voortduur.

6. Bekamping van inflasie

Die spiraal van inflasieverwagtings en die inflasiekoers stel beleidmakers voor 'n ernstige probleem en plaas ook die

⁸ Hierdie loonvergelyking sluit nie die fopveranderlike, wat die effek van die toetreding van georganiseerde swart vakbonde tot die arbeidsmark weergee, in nie.


⁹ Intriligator M.D.: *Econometric Models, Techniques and Applications*, Prentice Hall, 1978.

¹⁰ Die Wiehahn Kommissie: "Report of the Commission of Investigation on Labour Regulation", RP27/1981.

¹¹ Maddala G.S.: *Econometrics*, McGraw-Hill, Inc., 1977.

Diagram

Vloeidiagram van die prysvormingsproses



Die persentasieverandering tussen hakies dui die beta-koeffisiënte, dit is die verandering in die afhanglike veranderlike vir 'n eenheidsverandering in elke verklarende veranderlike, aan.

verantwoordelikheid op hulle om die wyse waarop deelnemers aan die ekonomiese proses hierdie verwagtings vorm, te beïnvloed. Beleid moet daarop gemik wees om ekonomiese deelnemers daarvan te oortuig dat die *toekomstige verwagte inflasiekous* in besluitnemingsprosesse gebruik word en nie die jongste waargenome inflasiekous nie. Hierdie toekomstige verwagte inflasiekous behoort ook gegrond te wees op die beleidsoptrede van die owerhede om die inflasiekous te beïnvloed. Indien die owerhede ander deelnemers kan oorred dat hulle in staat is om inflasie te verlaag, sal verwagtings waarskynlik dienooreenkomsdig aangepas word. Net soos inflasie ontstaan omdat deelnemers verwag dat pryse gaan toeneem, kan prysbestendigheid verkry word indien deelnemers verwag dat pryse in die toekoms betreklik bestendig sal bly.

Die konsekwente toepassing van 'n konserwatiewe monetêre beleid en die handhawing van fiskale discipline is die gebruiklike manier om die geloofwaardigheid van die owerhede te herstel wanneer hulle 'n anti-inflasieveldtog van stapel stuur. Gedurende sulke pogings om

beleidsgeloofwaardigheid te herstel is dit moontlik dat inflasieverwagtings stadig sal aanpas totdat ekonomiese deelnemers daarvan oortuig is dat die owerhede met hul beleid sal volhard. Dit verklaar waarom reële produksie en werkgeleenthede nadelig getref word gedurende die vroeë fasies van 'n daadwerklike beleidsprogram om inflasie vanaf betreklik hoë vlakke te verminder. Sodra meer ewewigte finansiële toestande geskep is, sal die nadelige uitwerking van finansiële discipline waarskynlik aansienlik verminder.

7. Opsomming

In hierdie studie is die prysvormingsproses in Suid-Afrika deur middel van 'n teoretiese model ontleed. Die belangrikste gevolgtrekkings is dat veranderings in arbeidskoste die kern van die inflasieproses vorm en dat loonveranderings hoofsaaklik deur inflasieverwagtings aangedryf word. Hierdie verwagtings reageer stadig op

konvensionele monetêre beleid wat gerig is op die vermindering van die groei in die geldvoorraad totdat die publiek daarvan oortuig is dat die owerhede met 'n beperkende beleid sal volhard om hul vooropgestelde doelstellings te bereik. Ten einde verwagtings deurslaggewend te beïnvloed moet 'n konserwatiewe monetêre beleid dus vir 'n lang tydperk gehandhaaf word. Die konsekwente toepassing van 'n anti-inflasionistiese beleid word beskou as 'n onontbeerlike deel van enige program wat gernik is op die stabilisering van die algemene prysvlak, teen die laagste koste vir die land. Pogings om die beweging na groter prysbestendigheid te bespoedig, sal onortodokse en desnoods ongesonde metodes vereis om inflasieverwagtings vinniger te verminder. Sodra finansiële stabiliteit verkry is, sal die koste verbonden aan die handhawing van so 'n toestand merkbaar afneem.

Notas tot tabelle

Betalingsbalans – tabelle S-70, S-71 en S-85

In hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* is die pos "veranderings in laste verwant aan reserwes" heromskryf om slegs die veranderings in die korttermynlaste van die Reserwebank, en in buitelandse lenings van die Sentrale Regering (soos lenings van die Internasionale Monetêre Fonds) wat aangegaan is met die uitsluitlike doel om die vlak van die bruto buitelandse valutabesit van die land te ondersteun, in te sluit. Die ander buitelandse korttermynlaste van die res van die monetêre sektor word gevvolglik nou nie by die laste verwant aan reserwes ingesluit nie en teen 'n afsonderlike pos onder "korttermynkapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie" getoon. In die tabel oor die "goud- en ander buitelandse reserwes" (tabel S-85) is die pos "laste verwant aan reserwes" dienooreenkomsdig aangepas.

Hierdie hersiening behoort die analitiese voorstelling van Suid-Afrika se betalingsbalans te verbeter. Dit bring ook die samestelling van Suid-Afrika se betalingsbalans meer in ooreenstemming met die riglyne van die Internasionale Monetêre Fonds in hul Vyfde Uitgawe van die *Betalingsbalanshandleiding* wat onlangs vrygestel is. In hierdie handleiding is die klassifikasie van 'n las onder "laste verwant aan reserwes" afhanklik daarvan of die las:

- op aanvraag of op kort termyn betaalbaar is;
- terugbetaalbaar is in 'n bate wat die debiteur as 'n reserwebate sou beskou; en/of
- verskuldig is aan 'n sentrale bank of sentrale regering.

Monetêre ontleding – tabel S-24

In die monetêre ontleding word die pos "netto goud- en ander buitelandse reserwes" herbenoem as "netto buitelandse bates" ten einde aan te dui dat hierdie pos konsepsioneel verskil van die definisie van die netto goud- en ander buitelandse reserwes soos wat dit in die betalingsbalans van die land aangeteken word.